

Heidense Feesdae  
of God se Heilige  
Dae—*Watter?*



Heidense Feesdae  
of God se Heilige  
Dae—*Watter?*

---

DEUR HERBERT W. ARMSTRONG

---

**Hierdie boek mag nie verkoop word nie.**

Dit is 'n gratis opvoedkundige diens  
in die openbare belang en word  
deur die *Philadelphia Church of God*.

© 1957, 2015 *Philadelphia Church of God*  
*Alle Regte Voorbehou*

Gedruk In die Verenigde State van Amerika  
Skrifgedeeltes in hierdie publikasie word vanuit die 1953  
Afrikaanse Vertaling aangehaal, tensy andersins vermeld.

Maak dit enigsins 'n verskil watter dae ons gedenk—en of ons dit vier? Bepaal die Bybel of daar sekere dae is wat ons moet heilig? Was hierdie dae net aan ou Testamentiese Israel gegee? Is hulle net vandag bindend vir die Jode, terwyl Christene beveel word om feesdae soos Kersfees te vier?

## *Inhoudsopgawe*

<i>1</i>	<b>Watter Dae Moet Ons Gedenk? .....</b>	<b>1</b>
<i>2</i>	<b>Wat U Omtrent Pinkster Moet Weet.....</b>	<b>24</b>
<i>3</i>	<b>Die Fees Van Basuine en Dag van Versoening .....</b>	<b>35</b>
<i>4</i>	<b>Die Huttefees en die Laaste Groot Dag .....</b>	<b>46</b>

# 1

---

## *Watter Dae Moet Ons Gedenk?*

**I**N DIE SEWENDE HOOFSTUK VAN DIE BOEK DANIËL IS 'N verstommende profesie omtrent die Heidense koninkryke wat 2,500 jaar vooruit dateer, vanaf die dag wat dit geskryf is.

Vanaf die Chaldese Ryk van Nebukadnésar, voorspel hierdie profesie die opeenvolgende wêreldheersing van die Persiese Ryk, Alexander se Grieks-Masedoniese koninkryk met sy vier verdelings, en dan ten slotte van die magtige Romeinse Ryk. Vanuit die oorspronklike Romeinse Ryk, wat gesimboliseer word deur die 10 “horings” wat uit die kop van ‘n “dier” groei, word die 10 opstandings van die Romeinse Ryk voorgestel wat vanaf sy val tot die hede toe, voortduur, en bestem is om voort te duur tot Christus se wederkoms.

Tussen hierdie tien koninkryke, wat die Westerse wêreld vanaf die val van Rome tot die hede toe regeer het, het ‘n ander “horinkie” verskyn waarvan “sy gestalte groter was as die van die ander.” Met ander woorde, ‘n ander regering, in werklikheid kleiner, maar wat die ander domineer. Studente van profesie herken hierdie “klein horinkie” as ‘n groot godsdienstige hiërargie. En in die 25e vers van hierdie profesie, word verklaar dat hierdie hiërargie “sal probeer om *tye* en *wette* te verander.”

---

### *HOE TYD VERANDER IS*

Hierdie selfde mag word weer in die 17e hoofstuk van

Openbaring genoem, hier uitgebeeld as heersend oor die konings en koninkryke van die aarde terwyl dit die gelowiges vervolg.

Hierdie mag het op enige moontlike manier *TYD verander!*

God begin die dae met sonsondergang, maar “die klein horinkie” het dit verander sodat die wêreld nou die dag in die middel van die nag met behulp van ‘n mensgemaakte horlosie, begin.

God begin die week met die einde van die ware Sabbat, die sewende dag van die week, maar die wêreld begin die werksweek in die middel van die nag, op die tweede dag van die week.

God begin die maande met die nuwe mane, maar hierdie “klein horinkie” het die wêreld oorreed om die maande volgens ‘n mensgemaakte, lomp kalender van heidense oorsprong, te begin.

God begin die jaar in die vroeë lente, wanneer nuwe lewe oral in die natuur ontwaak, maar antieke heiden Rome het veroorsaak dat die wêreld die jaar in die middel van die dooie winter begin.

God het ‘n ware rusdag aan Sy kinders gegee, ontwerp om hulle deurentyd in die kennis en ware aanbidding van die ware God te hou—‘n herdenking van God se Skepping—die sewende dag van die week. Maar die “klein horinkie” het die viering van die dae waarop die heidene die son aanbid het, die eerste dag van die week, genaamd *SONDAG*, op ‘n misleide wêreld afgedwing.

---

### *HEIDENSE OORSPRONG*

Antieke Rome se heidense feesdae is aan ‘n onverskillige en misleide wêreld vasgeketting. Dit sluit sekere jaarlikse feesdae in—Kersfees, Nuwejaarsdag, Paasfees en nog vele ander, elkeen ‘n heidense dag—elkeen wat gebruik word om die verkope van ware in die handelsmarkte te stimuleer. Met eerlike ondersoek, sal die ernstige soeker na waarheid vind dat hierdie dae almal van heidense oorsprong en betekenis is. Hy sal leer dat hy geen deel daarin kan hê nie.

Maar word die Christen van vandag sonder enige jaarlikse heilige dae gelaat? Het God nooit aan Sy mense jaarlikse heilige dae, sowel as die weeklikse Sabbat, gegee nie? Is antieke Rome se jaarlikse feesdae nie maar net ‘n vervalsing van God se ware



heilige dae nie, net soos Sondag 'n vervalsing van die ware Sabbat is nie?

---

### VERBAN VOOROORDELING

Laat ons dus in alle eerlikheid ons Bybels oopmaak, en biddend ondersoek instel. Ons word aangesê om te bestudeer—nie te argumenteer of te weêrlê nie, maar—om onself beproef voor God te stel—om die wil van God te leer. Ons word beveel om, as Christene, in kennis sowel as in genade te groei (2 Petrus 3:18). Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om ons te leer en tereg te wys, waar ons, deur veronderstelling, valse lering of vooroordeeldheid verkeerd was.

Die meeste mense het aanvaar dat al die jaarlikse sabbatte en feesdae van Israel afgeskaf is. En tog wys Kerkgeskiedenis daarop dat die vroeë ware Kerk wel, vir ten minste meer as 400 lang jare—selfs langer—na Christus se opstanding, steeds hierdie jaarlikse heilige dae wat deur God gegee is, gevier het!

En net soos die Sondagvierder geneig is, om eerstens, na enige argument vir die weeklikse Sabbat met vooroordeling te kyk—as 'n dwaalleer—en elke argument te ondersoek slegs in 'n gesindheid wat poog om dit te weêrlê, sal dit net natuurlik en menslik wees—as ons nie daarteen waak nie—om enige aanbidding van hierdie jaarlikse sabbatte in dieselfde gees van vooroordeling te beskou.

Maar onthou dat “Hy wat antwoord gee voordat hy gehoor het, vir hom sal dit 'n sotheid en 'n skande wees” (Spreuke 18:13).

Laat ons, dus, in gewillige eerbiedigheid aan God, aan Sy wil, met toegewende harte, vry van vooroordeling, met oop gemoed wat die waarheid meer as ons eie wil begeer, bewend voor die gewyde en heilige Woord van God, vir God in alle nederigheid vir die leiding van Sy Heilige Gees vra. Bestudeer hierdie vraag in hierdie biddende, gehoorsame, gewillige, en tog versigtige gesindheid—en beproef alle dinge.

---

### BESTUDEER HIERDIE TWEEKEER

Laat ons ook net waarsku, dat sekere besware wel vorendag sal kom—elkeen waaraan later aandag geskenk sal word en verduidelik sal word. Maar tensy die leser versigtig is om

daarteen te waak, sal die teenwoordigheid van sulke besware in sy gemoed veroorsaak dat elke stelling soos dit aan hom aangebied word, verwerp word—en dan, wanneer die besware later verduidelik word, sal die stellings wat gemaak word nie onthou word nie, tensy die hele uiteensetting van die onderwerp weer versigtig van vooraf bestudeer word.

En in elke geval, sal die beswaar een van die einste redes wees wat deur Sondag predikers aangevoer word, in 'n poging om die waarheid van die weeklikse Sabbat om ver te werp! Want die weeklikse sowel as die jaarlikse Sabbatte staan of val saam. Die argumente wat teen die jaarlikse Sabbatte gebruik word is identies aan dié wat gebruik word om die Sabbat om ver te gooi—en as hierdie argumente enigsins water hou, sal hulle dus ook die weeklikse Sabbat afskaf! (Vir 'n volledige verduideliking—wat bewys dat die weeklikse Sabbat vir Nuwe Testamentiese Christene is—bestel ons gratis boekie, *Watter Dag is die Christen Sabbat?*)

Redenasies soos “Die jaarlikse sabbatte is deel van die wet van Moses,” of “hulle het offerandes gebring op die jaarlikse sabbatte,” of “Kolossense 2:16 skaf die jaarlikse sabbatte af,” is nie bybels nie.

Want die jaarlikse sabbatte was nie deel van die wet van Moses nie, maar was gevier lank voor die rituele verordeninge wat in die wet van Moses bevat word, gegee is. Offerandes was wel op die weeklikse Sabbat geoffer, maar dit skaf nog steeds nie die Sabbat af nie. Inderwaarheid, was offerandes *elke dag* van die jaar geoffer (Númeri 28:3)

Kolossense 2:16 verwys nie net na die jaarlikse sabbatte nie, maar na die jaarlikse dae, die maandelikse nuwe mane, en die weeklikse Sabbat. Wanneer die Bybel die uitdrukking “sabbatdae” met nuwe mane en heilige dae gebruik, verwys dit na die weeklikse Sabbatdae, die nuwe mane en die jaarlikse heilige dae of feesdae. Die “sabbatdae” van Kolossense 2:16 verwys na die *weeklikse* Sabbat. Vergelyk 1 Kronieke 23:31 met 2 Kronieke 2:4; 31:3; Esra 3:5; Nehemia 10:33 en Eségiël 46:3. As Kolossense die een afskaf, skaf dit die ander ook af.

---

## DIE OU TESTAMENT KERK

Wanneer het die ware Kerk begin? In Handeling 7:38 leer

ons dat die gemeente van Israel, die vergadering [kerk] in die woestyn, genoem was, in die tyd van Moses.

Die Afrikaanse woord vergadering wat regdeur die Ou Testament gebruik word, het dieselfde identiese betekenis, as die woord kerk in die Nuwe Testament. Die woord vergadering in die Ou Testament is *ekklesia* in die Septuagint —dieselfde identiese Griekse woord wat altyd as KERK [of gemeente] in die Nuwe Testament vertaal word.

Israel was beide kerk en staat. As 'n koninkryk, is dit vir baie jare deur 'n stelsel van rigters, oor vyftigs, honderde, duisende, ens., regeer, en later deur 'n koning. Maar as 'n gemeente, of kerk, is Israel met 'n leier georganiseer—Moses, Josua, ens.—en die priesters uit die stam van Levi. Die wet van Moses het daardie ritualistiese of seremoniële wette bevat wat by die Ou Verbond BYGEVOEG is, as gevolg van oortredings—bygevoeg tot die tyd van Christus—om hulle te onderrig en in hulle die gewoonte van gehoorsaamheid te vestig. Dit het uit spys en drankoffers, verskeie wassing, en fisiese verordeninge bestaan. Hulle het ook die offerandes gehad as 'n plaasvervanger vir die offer van Christus.

---

### VOOR DIE WET VAN MOSES

In die 12e hoofstuk van Exodus, terwyl die Israëliete nog in Egipte was—lank voor die wet van Moses gegee is—nog voor God aan Moses en die Israëliete geopenbaar het dat Hy die Ou Verbond met hulle sou sluit—vind ons dat God se jaarlikse feesdae gevier word.

En in die 23e hoofstuk van Levitikus vind ons 'n opsomming van hierdie jaarlikse heilige dae, of ingestelde feesdae.

Toe God die Sabbat vir die mens gemaak het, het Hy aan die mens 'n rusdag met 'n groot betekenis en doel, gegee. God het aan Sy kerk in die woestyn gesê, dat die Sabbat 'n verbondsteken tussen Hom en Sy mense was. 'n Teken is 'n bonatuurlike bewys van identiteit. Dit is die teken waarby ons weet dat Hy God is. En hoe word dit aan ons bewys? “Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde geskep, maar op die sewende dag het Hy gerus.” Dit is 'n herdenking van die skepping.

En die skepping is die bewys van God se bestaan. Die Skepping identifiseer God. Die Sabbat is 'n weeklikse

herdenking van die skepping. 'n Weeklikse herrinnering van God se mag om te skep. Daarom identifiseer dit God aan ons—hou ons in die ware herrinnering en ware aanbidding van die ware God. Geen ander dag as die sewende dag van die week kan so betekenisvol wees nie. Dit is ontwerp om ons in die ware aanbidding van God te hou.

### *DIE DOEL VAN DIE HEILIGE DAE*

Op soortgelyke wyse, toe God aan Sy Kerk sewe jaarlikse Sabbatdae gegee het, het God, in sy wysheid, 'n groot doel gehad. Hierdie dae was ook gegee om God se kinders in die ware herrinnering en aanbidding van God te hou, deur ons deurentyd in die begrip van God se groot plan van verlossing te vestig. Want hierdie jaarlikse dae beeld die verskillende tydperke in die geestelike skeppingsplan uit—merk die verskeie bedelings en beeld hulle betekenis uit.

Die hele verhaal van geestelike regenerasie moes jaar na jaar tydens hierdie feesdae uitgebeeld word. Hulle het lewensbelangrike simboliek en betekenis.

Dit is 'n geskiedkundige feit, dat enige nasie wat ooit God se heilige Sabbat (weekliks) verontreinig het, kontak met en die kennis van die ware God, verloor en in afgodery verval het. Die enigste volk wat ooit God se Sabbat onderhou het, was die enigste een wat die ware herrinnering en aanbidding van die ware God behou het—en ook net wanneer hulle die Sabbat onderhou het. Wanneer ou Testamentiese Israel God se Sabbat begin verontreinig het, het hulle afgode begin aanbid!

En op dieselfde wyse, wanneer ons in hierdie Nuwe Testamentiese tye gefaal het om God se jaarlikse sabbatte te onderhou, was ons, as 'n nasie en 'n volk, sonder die kennis van God se ware plan om Homself te reproduseer.

Die sogenaamde Christelike kerke van vandag verstaan en leer ook nie wat sonde is nie—hulle leer nie dat sonde afgelê moet word nie—hulle verstaan nie wat die mens is nie, wat die betekenis of doel van lewe is nie, wat dit beteken om wedergebore te word nie, of die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees nie. Hulle verstaan nie dat God se Kerk, vandag, nie die wêreld nou moet probeer bekeer nie, maar dat dit die evangelie

van die Koninkryk as ‘n getuienis moet verkondig, ‘n lewe van oorwinning oor die sonde moet lei, uithou tot die einde toe, en dat die oorwinnaars saam met Christus sal regeer, as konings en priesters, in Sy Koninkryk.

Hulle verstaan nie dat Christus weer gaan kom nie, en diegene wat wel die Wederkoms preek, verstaan ook nie die betekenis en doel daarvan nie. Hulle het geen kennis of idee van die blye nuus oor die komende Koninkryk van God nie—die enigste, ware Nuwe Testamentiese evangelie.

Omdat hulle nie hierdie allerbelangrike stappe in die ware plan van regenerasie verstaan nie, leer hierdie Christenkerke dat die wet afgeskaf is. Hulle leer die heidense leerstelling van die onsterflikheid van die siel, wat dadelik na die hemel of hel gaan ten tye van die dood—en hulle leer dat die dood maar net lewe is.

---

### **‘N BABELSE VERWARRING!**

God se feeste of heilige dae of sabbatte moet jaarliks gedenk word, *vir ewig!* Ons vra die leser om ‘n oop gemoed te behou, omdat ons sal bewys dat vir ewig, in hierdie geval, inderdaad vir ewig beteken!

Sodoende het God beplan om die waarhede wat deur hierdie “hoë” sabbatte voorgestel word, in die verstande van Sy kinders, deurentyd, te vestig, en Sy Kerk in die ware begrip van Sy plan te hou!

---

### **DIE PASGA EN DIE FEES VAN ONGESUURDE BRODE**

Die meeste kerke leer ons dat Christus die verlossingsplan met Sy kruisiging voltooi het. Maar die heel eerste stap in God se groot plan vir die mens se regenerasie, was die dood van Christus. Ons vind die heel eerste uitvoering van hierdie groot offer in Eden, toe God ‘n lammertjie of bok gedood het om Adam en Eva se naaktheid (‘n tipe van sonde) met die velle te bedek. Ons vind dit in werking toe Abel ‘n plaasvervanger lam geoffer het. En dus is die Pasga die eerste een van die gebeure wat God se groot plan jaarliks aan sy kinders uitbeeld.

---

### KOM ONS VERSTAAN DIT

Egipte is 'n sinnebeeld van sonde. Net soos God se mense vandag in “Babilon” is, en binnekort deur God gered sal word wanneer Hy Sy plaë oor Babilon uitgooi, net so was hulle voorheen in Egipte, en was na die uitgooi van die plaë verlos.

Net soos belydende Christene mislei is en geen kennis omtrent ware tyd, God se feesdae, of die ware aanbidding van God het nie, net so was dit ook met die kinders van Israel in Egipte gewees.

Vir meer as twee eeue was hulle in slaverny in Egipte—geforseer om onder die juk van slawedrywers te werk. Daar was geen Bybel—geen geskrewe Woord van God nie. Hulle was nie toegelaat om God te aanbid soos Hy dit ingestel het nie. Hulle was geforseer om sewe dae 'n week te werk. Hulle het heeltemal kennis van die ware Sabbat verloor—en dit is waarom God die Sabbat aan hulle, in die wildernis van Sin, moes openbaar (Exodus 16).

---

### PASGA NET DIE BEGIN

Hulle ook die regte tyd wanneer die jaar begin, teen daardie tyd in Egipte, verander.

En dus, met die verlossing van Sy mense uit Egipte (sonde), het God hulle van voor af geleer omtrent tyd. En soos die begin van ons saligheid deur Christus se dood aan die kruis tweeweggebring is, het God gesê, “*Hierdie* maand [in die lente van die noordelike halfgrond] moet vir julle *die begin van maande* wees...” (Exodus 12:2).

Sommige vier die begin van God se feesdae van verlossing, deur die Pasga te vier, maar gaan nooit verder om die “diepte van die rykdom” van God se genade, wat deur die daaropvolgende feesdae uitgebeeld word, te ken nie! Christus is nie alleen die Leidsman of begin nie, maar ook die Voleinder van ons redding!

Die Israëliete was aangesê om op die 10e dag van hierdie eerste maand 'n lam sonder enige gebrek te neem. Hulle moes dit hou tot—nie na—die 14e dag van dieselfde maand. Teen die aand, teen skemer soos die Joodse vertaling dit het—tussen die twee aande, oftewel, tussen die sonsondergang en die duister—was die Paaslam geslag.

Dit het tydens, nie na, die 14e dag gebeur. Hulle het die bloed van die lam vergiet, wat Christus se offer, wat nog moes plaasvind, uitgebeeld het. Hulle het die vleis daardie selfde nag geëet. Teen middernag het die doodsengel gekom, maar by elke huis waar die bloed vergiet was, het hy verbygegaan.

Daar is 'n paar belangrike besonderhede wat ons op hierdie tydstip na moet oplet; miskien het ons dit nie voorheen gesien nie. Dit bewys dat die Pasga op die 14e gedenk moet word, en nie op die 15e nie.

---

### *PASGA OP DIE 14E, NIE OP DIE 15E*

Let op na Exodus 12. Vers 6, hulle sal die lam slag teen skemer (Offisiële Joodse Vertaling). Vers 8, hulle moet die vleis in daardie nag eet—nog steeds die 14e. Verse 9-11 verduidelik hoe dit gebraai en geëet moet word—die tyd is nog steeds dieselfde nag—die 14e. Vers 12: “Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref”—nog steeds dieselfde nag—die 14e.

Let nou noukeurig op na die paragraaf wat by vers 21 begin. Hier volg meer breedvoerige instruksies vir die stryk van die bloed teen die deurposte—die tyd wat dit gedoen moes word, soos hierbo bewys is, was tydens die naggedeelte van die 14e. Let noukeurig op na vers 22: “[S]tryk aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is. Maar niemand van julle mag uit die deur van sy huis uitgaan tot die môre toe nie.” Let noukeurig hierna op! Niemand was toegelaat om hul huise tydens daardie nag te verlaat nie. Hulle moes in hul huise bly tot die oggend toe! Hulle het die hele nag in hul huise gebly!

Lees nou verder in vers 29. Teen middernag (die 14e) het die Here al die eersgeborenes van Egipteland getref. Vers 30, Farao het in die nag opgestaan. Dit was natuurlik nadat die doodsengel teen middernag deurgetrek het, en dus was dit na middernag.

Hy het vir Moses en Aäron laat roep. Dit moes 'n rukkie geduur het, maar nog steeds dieselfde nag. Vers 33, die Egiptenare was haastig om van die Israeliete ontslae te raak. Vers 35, die Israeliete het klere, silver en goud van die Egiptenare geëis en hul sodoende beroof. Wanneer? Die lenery en rowery moes

heelwaarskynlik 'n hele paar uur geneem het. Die Israeliete het in die land van Gosen gewoon, apart van die Egiptenare. Die Israeliete was verbied om hul huise tot die oggend te verlaat—dus moes hierdie leen en rowery tydens die *daggedeelte* van die 14e plaasgevind het.

### EXODUS 24 UUR NA DIE PASGA

Maar—let op na hierdie baie belangrike feit—die Israeliete het nie Egipteland verlaat tot die aand nie—die 15e van Abib! Let op na die gedeelte wat uit verse 40-42 bestaan: “[O]p daardie selfde dag het al die leërskaare van die HERE uit Egipteland uitgetrek. Dit is 'n nag om plegtig onderhou te word tot eer van die HERE, omdat Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. *Dit is dié nag* van die HERE om plegtig onderhou te word...” Watter is die nag om onderhou te word? Die nag wat hulle uit Egipteland getrek het. Hulle het nie tydens die daggedeelte van die 14e uit Egipteland uitgetrek nie, maar na daardie dag geëindig het—nadat die son gesak het—die volgende nag—op die 15e van Abib! En dit is daardie nag, die 15e, wat onderhou moet word!

Die daaropvolgende verse, wat met vers 43 begin, vorm 'n nuwe paragraaf, en verwys weereens na die Pasga—die 14e dag.

Lees nou Deuteronomium 16:1: “Onderhou die maand Abib en hou pasga vir die Here jou God; want in die maand Abib het die Here jou God jou *in die nag* uit Egipte uitgelei.” Let op, hulle het nie uit Egipte getrek tot die nag nie. En daardie nag was die 15e, nie die 14e nie. Soek u nog verdere bewyse?

Let nou op Numéri 33:3: “Hulle het van Raämses af opgebreek in die eerste maand, *op die vyftiende dag van die eerste maand; op die dag ná die pasga* het die kinders van Israel deur 'n hoë hand voor die oë van al die Egiptenaars uitgetrek.”

Daar is dit in eenvoudige taal.

Sommiges glo dat hulle die lam tussen die middag en die sonsondergang op die 14e geslag het—ongeveer so 3 nm, naby die einde van die dag; die vleis daardie nag geëet het—die 15e (hulle beweer dat dit was wanneer die pasga geëet was en wanneer ons dit moet onderhou) en daarna op dieselfde nag uit Egipte vertrek het. Maar hierdie teorie is nie geldig nie, nie in die lig van al hierdie skrifgedeeltes en die res van Exodus 12 nie.



Die Israëliete was nie toegelaat om hul huise daardie nag, nadat hulle die lam geëet het, te verlaat nie. Hulle het in hul eie huise gebly—in die land van Gosen—tot daglig toe. Daarna het hulle na hul Egiptiese bure gegaan, van hulle geleen en hulle beroof. Daar was miljoene van hulle. Dit het tyd geneem om almal in te lig. Dit het tyd geneem om al hierdie dinge te doen. Hulle kon dit nie alles na middernag, nadat Farao opgestaan het, gedoen het en nog steeds dieselfde nag uit Egipte vertrek nie. Die Israëliete was die hele nag in hul eie huise, in Gosen. Exodus 12:10 bewys dit verder. Wat ook al van die gebraaide lam oorgebly het tot die oggend, moes hulle met vuur verbrand. Dit wys dat hulle in hul huise moes bly tot die oggend toe.

Hulle het nie Egipte verlaat totdat die dag verby was nie—tydens die naggedeelte van die 15e.

---

### IN DIE 14E, NIE DAARNA NIE

Om nou nog een ander noodsaaklike punt by te voeg, blaai na Nùmeri 28:16-17. “[O]p die veertiende dag [nie DAARNA NIE] ... is die pasga van die HERE. En op die vyftiende dag [nie voor dit nie] van hierdie maand is [die] fees; sewe dae lank moet ongesuurde brode geëet word.”

Levitikus 23:5-6 verklaar dieselfde ding. Let daarop dat die Pasga nie die 15e is nie, maar die 14e. “Op” is nie nadat dit verby is nie. En let verder, die fees wat hier genoem word is nie die 14e nie (alhoewel die Pasga elders ook ‘n fees genoem word), maar die feesdag is die 15e. Die sewedag periode begin op die 15e. Die 15e is die eerste van die sewe Dae van Ongesuurde Brode.

Maar omdat suurdeeg tydens die 14e dag uit die huise verwyder is, is dit ook as een van die Dae van Ongesuurde Brode genoem teen die Nuwe Testamentiese tyd, maar wanneer dit gedoen word, word agt dae in die term “dae van ongesuurde brode” ingesluit. Die hele agtdae periode word, in Nuwe Testamentiese gebruik ook die “Pasga” genoem.

Maar hierdie sewedag tydperk begin op die 15e, na die 14e, of die Pasga, geeëndig het.

Die 14e dag is die Pasga. Dit is die eerste van God se feeste. Dit is nie die feesdag wat hier genoem word nie. Die fees is in die 15e dag. Laat ons hierdie onderskeid duidelik in ons gedagtes

# ABIB

S E W E D A E V

13

14

15

16

17

PASGA

JAARLIKSE  
SABBAT

*Nag*

*Dag*

**1**

**2**

**3**

**4**

Tydlyn van die  
**UITTOG**  
uit Egipte



A N O N G E S U U R D E B R O D E

7 18 19 20 21

JAARLIKSE  
SABBAT

5

6

7

8

9

- 1** Pasga lam geëet.
- 2** Israeliete kry goud en juwele van die Egiptenare (Exodus 12:35-36).
- 3** Israel verlaat Egipte gedurende die nag (Deuteronómium 16:1).
- 4** Nadat hulle die fees gevier het, arriveer hulle by Sukkot (Exodus 12:37).
- 5** Farao ontvang berig dat die volk gevlug het (Exodus 14:5).
- 6** Israel verlaat alle beskawing en gaan die Egiptiese woestyn binne (Exodus 13:18, 20).
- 7** Farao se leërmag haal Israel in, waar hulle by Pi-Hágirot laer opgeslaan het (Exodus 14:9).
- 8** God lei die Israeliete deur die Skelfsee na veiligheid voor daglig.
- 9** Liedere van Moses en Mirjam. Groot feesviering op die finale Dag van Ongesuurde Brode.

kry. Dit is die VYFTIENDE wat die FEES is—die 14e is die Pasga. Hierdie feesdag begin ná die Pasga verby is.

Nou, met al hierdie feite in gedagte, laat ons terugblaai na Exodus 12 toe. Let vanaf die begin van vers 14 op. “En hierdie dag moet vir julle ‘n *gedenk*dag wees, en julle moet dit as ‘n fees tot eer van die *HERE* vier. Julle moet dit in julle geslagte as ‘n *ewige* insetting vier. Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet... En op die eerste dag moet daar ‘n heilige samekoms wees...” (verse 14-16).

Watter dag is as ‘n gedenkdag gevestig—nie ‘n skaduwee, ‘n gedenkdag—‘n fees—om as ewige insetting gevier te word? Let daarop, dit is die dag van die fees—“[J]ulle moet dit as ‘n fees... vier.” Dit is die dag waarop die fees is—die 15e Abib, nie die 14e nie—*nie* die Pasga nie!

Hierdie dag is die feesdag—‘n gedenkdag, om as ‘n sabbat gevier te word, of heilige samekoms, vir ewig! Sewe dae is ingesluit en ons het gewys dat die sewedag periode op die 15e begin, nadat die Pasga verby is. *Die Pasga is op die veertiende, maar op die vyftiende dag is die fees—sewe dae.*

Baie het nog altyd geglo dat die dag waarvan hier gepraat word, en vir ewig ingewy is, die Pasga, of 14e is. Maar dit is nie—dit is die 15e dag.

Nou hierdie dag—die 15e—is deur ‘n heilige samekoms gevestig. Kyk in die woordeboek. ‘n “Samekoms” of “vergadering” is ‘n georganiseerde byeenkoms wat volgens bepaalde reëls verloop. ‘n “*Heilige* samekoms” is ‘n godsdienstige samekoms, vir die doel van aanbidding, waar die mense se teenwoordigheid gelas word onder mag en outoriteit. Die weeklikse Sabbat is ‘n heilige samekoms. So is die 15e Abib. Ons teenwoordigheid word gelas, onder God se mag en outoriteit. Maar laat ons voortgaan.

Let nou vanaf vers 16 op: “En op die eerste dag [van die sewe, 15de van Abib] moet daar ‘n heilige samekoms wees; ook op die sewende dag [21e van Abib] moet daar vir julle ‘n heilige samekoms wees... Onderhou dan die [*fees van*] *ongesuurde brode*, want op *daardie selfde dag* [die 15de Abib] het Ek julle leërs uit Egipteland uitgelei. Daarom moet julle *hierdie dag* [die vyftiende, nie die 14de nie] in julle geslagte as ‘n *ewige* insetting hou” (Exodus 12:16-17).

Daar is dit! *Vóór* die seremoniële wet van Moses! Die dag wat as 'n sabbat, of 'n ewige heilige samekoms, ingestel is, is die feesdag, dieselfde dag waarop hulle uit Egipteland getrek het—en hulle het op die 15de, nie die 14de nie, uitgetrek (Númeri 33:3).

Hierdie dag is 'n gedenkdag, nie 'n skaduwee van die kruis nie. 'n Gedenkdag van verlossing van Egipte, wat die bevryding van sonde vir ons voorstel!

Om ons gedurig aan daardie groot feit te herrinner, dat alhoewel ons sondes deur die vergieting van Christus se bloed (voorgtestel deur die 14de), vergewe is, ons nie daar moet stop en in sonde bly voortleef nie, maar dat ons uit die sonde uit moet weggaan! Waarom sou ons die 14e gedenk, wat die vergifnis van ons sondes van die verlede voorstel en dan weier om met die Fees van Ongesuurde Brode voort te gaan, wat die uitkoms vanuit sonde voorstel—sewe Dae van Ongesuurde Brode wat die algehele wegbêre van sonde—met ander woorde, gehoorsaamheid aan die Gebooie!—voorstel en simboliseer?

---

### *NIE MET OU VERBOND AFGESKAF NIE*

Let op dat die Dae van Ongesuurde Brode 'n tydskuur is, wat twee hoëdag sabbatte insluit. En hierdie tydskuur is vir ewig vasgetel—terwyl die Israëliete nog in Egipte was—voordat een woord van die seremoniële wet van Moses gegee of geskryf is—selfs voordat God die Ou Verbond voorgestel het!

Wat die wet van Moses, of die Ou Verond, nie tot stand gebring het of ingestel het nie, kan hulle nie afskaf nie! En in die Fenton Vertaling vind ons die 17de vers as volg vertaal: "... Hou hierdie periode gevolglik as 'n ewigdurende instelling." Die hele periode word ingesluit.

Dit alleen behoort genoeg bewys te wees dat die heilige dae—en die sewe Dae van Ongesuurde Brode—vandag bindend is, en tot in alle ewigheid!

Nou, as hierdie skrifgedeeltes op die 15de van toepassing is en nie op die 14de nie, soos hulle beslis doen en hier voldoende bewys is, is die Pasga dan vir ewig? Dit is inderdaad! Maar die skrifgedeeltes hierbo verwys na die fees en nie die Pasga nie. In die begin gedeelte van Exodus 12:21 word daar weer na die Pasga verwys en vers 24 stel dit vir ewig vas!

---

### DOEL VAN DIE FEES

Maar laat ons nou die volle sinrykheid van die saak leer. Waarom het God hierdie feesdae geheilig? Wat was sy groot doel daarmee? Blaai nou na Exodus 13, vers 3: “Verder het Moses aan die volk gesê, Dink aan hierdie dag waarop julle uit Egipte, uit die slawehuis, uitgegaan het...” Dit was die 15de van Abib. Verse 6, 8-10: “Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet, en op die sewende dag is daar fees tot eer van die HERE... Dit geskied ter wille van wat die HERE aan my gedoen het...”—(‘n GEDENKDAG)—“En dit moet vir jou as ‘n teken wees”—dit is, dit het ook ‘n toekomstige betekenis—“op jou hand en ‘n gedenkteken tussen jou oë”—wat te doen het met beide werke en wil—hoekom?—“sodat die wet van die HERE in jou mond mag wees... Daarom moet jy hierdie insettinge onderhou...”

Kan u die wonderlike betekenis sien? Begryp u die ware betekenis van dit alles? Kan u God se doel sien? Die Pasga beeld net die dood van Christus vir die verlossing van sondes van die verlede, uit (Romeine 3:25). Die aanvaarding van sy bloed vergewe nie die sondes wat ons later mag pleeg nie, dit gee ons nie toestemming om in sonde voort te gaan nie. Wanneer ons dit dus aanvaar, word ons sondes tot op daardie punt—vorige sondes—vergewe.

Maar sal ons daar ophou met slegs ons vorige sondes wat vergewe is? Ons is nog vleeslik. Ons sal nog steeds versoek word. Sonde het ons in sy kloue vasgehou—ons was slawe van sonde, was in die mag van sonde gewees. En ons is magtelos om onself daaruit te verlos! Ons was in die slawerny van sonde vasgevang! Laat ons die prentjie verstaan—die betekenis daarvan.

---

### LAAT VAAR SONDE GEHEEL EN AL

Tot watter mate moet ons die sonde wegsit? Nie gedeeltelik nie, maar geheel en al! En, soos suurdeeg ook ‘n sinnebeeld van sonde is (1 Korinthiërs 5:8)—suurdeeg pof op en net so ook sonde—en aangesien sewe God se nommer is wat volledigheid simboliseer, moet ons die Pasga met sewe Dae van Ongesuurde Brode volg!

Die voorstelling—die betekenis—die simboliek, is nie volledig met net die Pasga alleen nie. Die Pasga stel die aanvaarding van Christus se bloed vir die verlossing van sondes van die verlede, voor. Dit stel die gekruisigde—die dooie—Christus voor.

Sal ons Christus simbolies aan die kruis los? Die sewe Dae van Ongesuurde Brode wat op die Pasga volg, stel vir ons die algehele wegbêre van die sonde, gehoorsaamheid aan die gebooie voor—nadat die sondes van die verlede vergewe is.

Hulle stel die lewe en werk van die opgestane Christus voor—wat na die troon van God opgevaar het waar hy nou aktief besig is om namens ons te werk, as ons Hoë Priester, wat ons van die sonde reinig—en ons heeltemal van die mag van die sonde verlos!

Om net die Pasga te vier en dan te weier om die sewe Dae van Ongesuurde Brode ook te gedenk, beteken simbolies om Christus se bloed te aanvaar en dan in die sonde voort te gaan—om verkeerdelik te sê die wet is afgeskaf, dat ons alleenlik onder genade is, wat beteken dis 'n lisensie om verder te sondig!

Die sewe dae van die fees van Ongesuurde Brode stel die onderhouding van die gebooie voor, wat 'n ander manier is om te sê die wegsit van die sonde.

God se ware Kerk moet hierdie feesdae, waarvan die eerste die herdenking is wat die verlossing van sonde voorstel, in ons regterhand en op die voorkop hê, as God se teken, sodat ons sy gebooie sal onderhou. En omdat die voorkop die setel van die intellek is en aanvaarding simboliseer; en die regterhand werk simboliseer, het ons hierdie teken van God deurdat ons sy waarheid omtrent die heilige dae en die Dae van Ongesuurde Brode aanvaar en deur NIE op hierdie dae WERK NIE! Nie net is die weeklikse Sabbat God se teken nie (Exodus 31:12-17) maar die jaarlikse sabbatte is ook tekens!

Let nou op hoe wonderlik hierdie insetting die plan van redding voorstel. Ek onthou een jaar, tydens die laaste van hierdie sabbatte, die 21ste Abib, het een huisvrou genoem dat sy 'n halwe snytjie gesuurde brood agter sommige goed in haar huis, tydens die Dae van Ongesuurde Brode gevind het. Natuurlik het sy dadelik daarvan ontslae geraak.

Iemand anders het genoem dat sy 'n blikkie bakpoeier wat nog halfvol was gevind het, wat sy nie eers geweet het sy gehad

het nie. Nog iemand het 'n snytjie brood en 'n bietjie suurdeeg gevind. Almal het dadelik daarvan ontslae geraak toe hulle dit gevind het.

Hoe na aan die lewe is hierdie prentjie nie! Hoe dikwels ontdek ons nie, nadat ons gedink het ons sonde weggesit het, weggesteekte sondes of gewoontes wat ons nie van bewus was nie—of gedink het ons reeds oorwin het? Hulle moet oorwin en weggesit word, sodra hulle ontdek word.

### *DIE PERFЕКTE PRENTJIE*

Maar laat ons nou verder na hierdie wonderlike prentjie oplet. Die kinders van Israel het in die nag van die 15de Abib uit Egipteland getrek, net soos ons gewilliglik, uit ons eie, uit die sonde moet padgee sodra ons die bloed van Christus aanvaar het. Hulle het op eie stoom (in hul eie krag) uitgetrek—en so moet ons uit ons eie begin.

Maar hulle het nie ver gevorder voordat Faraο hulle agterna gesit het nie (Exodus 14:5-7). As Egipte 'n tipe van sonde is, dan moet Faraο sekerlik 'n tipe van Satan wees; en die leer van Egipte dan Satan se demone.

Terwyl die Israeliete in Egipte was, was hulle Faraο se slawe, hulpeloos en magteloos onder hul harde verdrukkers—net soos die sondaar onder die mag van die duiwel is. Maar toe Israel die bloed van die lam geneem het, het God te werk gegaan en gevolglik moes Faraο die Israeliete laat gaan. Wanneer *ons* Christus se bloed aanvaar, gaan GOD te werk en moet Satan ons vrylaat.

En, net soos die Israeliete met 'n hoë hand uitgegaan het (Númeri 33:3), in vervoering en met groot blydskap oor hul verlossing van slawerny, net so begin die nuutverwekte Christen sy Christenlewe—in die sewende hemel van geluk en blydskap. Maar wat gebeur?

Die duiwel en sonde begin onmiddelik die nuutverwekte seun van God agternasit—en binnekort bevind die nuwe en onervare Christen homself in die dieptes van mismoedigheid en is die versoeking groot om tou op te gooi en dit te laat vaar.

Let nou op na Exodus 14, vanaf vers 10—sodra die Israeliete gesien het dat hierdie groot leërmag besig is om hulle te



agtervolg, het hulle hul bravade verloor. Vrees het oor hulle gekom. Hulle het begin pruttel en kla. Hulle het gesien dit vir hulle onmoontlik was om van Farao en sy leërmag weg te kom omdat hy te sterk vir hulle was. En hulle was hulpeloos. So is dit met ons.

---

### *ONS KRAG NIE VOLDOENDE NIE!*

Maar let op na die boodskap van God aan hulle deur Moses: “Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE ...want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Die HERE sal vir julle stry!” Hoe wonderlik!

Hulpeloos, word ons aangesê om stil te staan en die verlossing van die Here te sien. Hy sal vir ons stry. Ons kan nie Satan en sonde oorwin nie, maar Hy kan. Dit is die opgestane Christus—ons Hoë Priester—wat ons sal reinig—ons heilig—ons verlos—wat gesê het Hy sal ons nooit los of verlaat nie!

Ons kan nie die gebooi in ons eie krag en mag onderhou nie. Maar Christus IN ONS kan hulle onderhou! Ons moet in geloof op Hom vertrou.

Let nou op na vers 19. Die engel wat vooruitgegaan het en die Israeliete die pad gewys het, het nou agter hulle ingeskuif, tussen hulle en die vyand, en hulle beskerm. Toe het God die water van die Skelfsee gekloof. “... En die waters was vir hulle ‘n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant” (vers 22). In Jesaja 55:1 en Johannes 7:37-39, is die waters ‘n simbool van die Heilige Gees.

Die lewende water van God is vir ons ‘n muur, aan ons regter- en linkerkant, wat ons in die ware weg lei, die pad vir ons oopmaak en ons daarin bewaar. Maar toe Farao en sy leer die Israeliete op hierdie goddelik geskape pad wou agtervolg, het hierdie selfde waters hulle heeltemal bedek, soos die Heilige Gees ons sondes verwyder en bedek—en die Israeliete het hulle nooit weer gesien nie! Wat ‘n wonderlike prentjie!

---

### *OORSPRONKLIK GEEN OFFERHANDES*

Dus sien ons die fees van Ongesuurde Brode, sowel as die Pasga, was geheilig en vir ewig ingestel, voor die Ou Verbond. Laat ons

konsekwent hieroor wees. Teenstanders vertel ons dat hierdie deel van die wet van Moses is. Ons antwoord dat hulle voor die instelling van die wet van Moses bestaan het en is in die Nuwe Testament oorgedra en dus vandag steeds op ons bindend is.

Let veral op dat daar oorspronklik geen offerhandes—geen spys en drank instellings—op hierdie dae gehou was nie. Sien Jeremia 7:22-23. Hierdie dae was nie vir die doel van offerhandes ingestel soos sommige verkeerdelik aanvaar het nie. Hierdie heilige dae is gedenkdae, en tweekeer eenvoudig as sulks genoem. Waar vind ons sulke eenvoudige taal waar die Sabbat 'n gedenkdag genoem word? (Lees ook Levítikus 23:24).

Die Sabbat, het ook voor die wet van Moses bestaan. Dit was tot die Here geheilig voor die Mosaïese wet gegee was.

Toe die wet van Moses ingestel is, met sy offerplegtighede en spys en drankoffers, was hierdie offerhandes en spys- en drankoffers tydelik ingestel—tot en met Christus—om gehou te word, sommige daaglik, sommige op die weeklikse Sabbat en andere op die eerste van elke maand, en sommige op elk van die jaarlikse feesdae.

Maar, let deeglik op na hierdie feit! Waar ons hierdie offerandes, drank- en spysoffers op die feesdae ingestel vind, vind ons hulle ook op die weeklikse Sabbat. Dieselfde hoofstukke in die wet van Moses wat hulle tot die jaarlikse feesdae byvoeg, voeg hulle ook tot die weeklikse dae by.

Die argument dat hierdie offers wat op hierdie dae gehou was die dae afskaf, is ook ewe veel van toepassing op die Sabbat! As hierdie argument die een afskaf, skaf dit ook die ander af. Die Sondagspredikers argumenteer dat hierdie offers die Sabbat afskaf. Ons ontken dit—waarom? Die Sabbat het lank voor die offers bygevoeg is, ontstaan. Dieselfde geld vir die feesdae! Hulle het ook voor die ritualistiese wet van Moses ontstaan.

---

### *OFFERANDES OP DIE WEEKLIKSE SABBAT*

Laat ons kennis neem van Númeri 28: Eerstens, die daaglikse vuuroffers, die “oggend- en aand” offers. Tweedens, verse 9-10, die brandoffers van vleis en drankoffers elke Sabbat. Derdens, verse 11-15, die nuwe mane. Dan vanaf vers 16 tot aan die einde van hoofstuk 29, die jaarlikse feesdae.

Nou, ons weet dat hierdie spys en drankoffers, deur vuur, sinnebeelde was, en afgeskaf is. Maar is die sewe weeksdag ook afgeskaf? Is die weeklikse Sabbat afgeskaf? Het die eerste dag van elke maand weggeval? Nie voor God se aangesig nie. Dan is jaarlikse heilige dae van die Here ook nie afgeskaf nie!

Hierdie offerhandes was sinnebeelde en hulle het met die wet van Moses gekom en saam met dit gegaan. Maar die dae waarop hul gehou was, was nie sinnebeelde nie, het nie met die wet van Moses gekom nie en ook nie saam met dit weggeval nie.

Hierdie dae is vir ewig bindend! Net soos die Sabbat 'n gedenkdaag is, so is die feesdae ook!

---

### VERPLIGTEND IN NUWE TESTAMENT

En nou wens ons om u 'n Nuwe Testamentiese bevel te wys—eenvoudiger en meer direk as enige ander wat ons vir die weeklikse Sabbat kon vind—om hierdie jaarlikse feesdae te vier!

Lees weer Númeri 28: 16-17: “En in die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, is die pasga van die HERE. En op die vyftiende dag van hierdie maand is dit fees; sewe dae lank moet ongesuurde brode geëet word.”

Hierdie fees was nie die 14de nie, maar die 15de. Dit was op die Pasga wat die lam gedood was, wat op die 14de plaasgevind het. Die daglik gedeelte van die 14de was die voorbereiding vir die fees (Matthéüs 27:62; Markus 15:42; Lukas 23:54; Johannes 19:14). Let op dat die Jode in Jesus se tyd *hulle* pasga een dag laat gevier het, volgens die tradisies van die ouderlinge (Johannes 18:28).

Laat ons hierdie feit deeglik in ons verstand inets, want as dit waar is, soos dit is, dan is al hierdie dae steeds vandag op ons bindend, deur die Nuwe Testamentiese- sowel as Ou Testamentiese gesag!

Let op Matthéüs 26:5. Die owerpriesters en skrifgeleerdes, wat saamgesweer het om Jesus te vermoor, het gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie.” Hulle was haastig om hom gevange te neem en dood te maak *voor* die fees, of op die 14de Abib (Nisan).

Markus 14:2 sê dieselfde. Nou om vas te stel dat die feesdag die dag na die Pasgafees is en dat dit die hoë sabbatdag was—die dag na Jesus gekruisig is, let op na Johannes 13:29: “Want

sommige het gedink, terwyl Judas die beurs gehad het, dat Jesus vir hom sê: Koop wat ons nodig het vir die fees...” Dit bewys sekerlik dat die fees op die dag daarna was—die 15de Abib (Nisan), soos al hierdie skrifgedeeltes duidelik bevestig. Vir verdere inligting oor hierdie lewensbelangrike onderwerp, skryf vir ons gratis boekie “*The Resurrection Was Not On Sunday.*”

Laat ons 1 Korinthiërs 5:7-8 nou versigtig ondersoek. Kerke het dit op die Pasga toegepas. Let daarna op dat dit nie sê, of geensins op die Pasga betrekking het nie. Laat ons gewilliglik en biddend bestudeer wat dit wel sê:

“... want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. LAAT ONS DAN FEESVIER.” Let op. Omdat Christus, ons Paaslam, vir ons geoffer is, laat ons van die Nuwe Testamentiese bedeling—omdat Christus gesterf het—dan wat vier? Let daarop! Nie die Pasga hier wat op die 14de Abib (Nisan) was nie—maar laat ons feesvier—wat op die 15de was! Die hoë Sabbatdag van Johannes 19:31! Die jaarlikse feesdag. En, in ‘n breër sin, sluit die fees al sewe dae van die Fees van Ongesuurde Brode in, insluitend die tweede feesdag, of sabbat, op die 21ste Abib (Nisan). Ons kan dit nie ontsnap nie, nie as ons aan die Here en Sy Woord onderdanig is nie! Daar is dit in eenvoudige taal, in die Nuwe Testament! Omdat Christus gekruisig was, laat ons daarom die fees gedenk! Die 14de was die Pasga, maar op die 15de dag van die maand is die fees! Laat ons dit nie meer op die Pasga toepas nie, want dit sê “fees.”

---

**FEES VAN ONGESUURDE BRODE  
DEUR PAULUS EN NUWE  
TESTAMENTIESE KERK GEVIER**

Dit staan getrou in die Nuwe Testament opgeskrywe dat die Kerk, gedurende die geskiedenis wat daardeur gedek word, daardie dae gedenk het!

In Handeling 20:6: “Maar *ná die dae van ongesuurde brode* het ons van Filippi uitgeseil...” Paulus en sy metgeselle het eenvoudig die Fees van Ongesuurde Brode by Filippi gevier. Die Heilige Gees sou andersins nie hierdie woorde geïnspireer het nie.

Let ook op na Handeling 12:3: “En dit was die dae van ongesuurde brode.” Waarom word daarvan melding gemaak as dit in God se oë afgeskaf was?

Let ook op dat dit nie iemand was wat onkundig was, oor dit wat afgeskaf was, wat hierdie stelling gemaak het nie. Dit is die Almagtige wat dit deur die inspirasie van die Heilige Gees sê. Dit was jare na die kruisiging. Die dae van ongesuurde brode het steeds bestaan of die Heilige Gees kon nie die woorde “En dit was die dae van ongesuurde brode” geïnspireer het nie.

## 2

---

# *Wat U Omtrent Pinkster Moet Weet*

**I**S HIERDIE DIE *ENIGSTE* “DAG VAN VERLOSSING”? MEESTE kerke leer dat almal wat “ongered” sterwe, of nie “gered word” voor die tweede koms van Christus nie, nooit saligheid kan ontvang nie.

Hulle neem aan dat daar ‘n groot kragmeting tussen Christus en Satan aan die gang is. Hulle glo dat Christus gekom het om die wêreld te red en dit deur die kerke, waarmee Hy desperaat poog om “die wêreld te red.”

Aan die ander kant, is die slinkse duiwel besig om alles in sy vermoë te doen om te verhoed dat mense “gered” word. En hulle blyk te glo dat daar ‘n tydsbeperking op die kragmeting van toepassing is.

Ons is nou baie naby aan die tyd van Christus se wederkoms, maar wanneer Christus persoonlik na die aarde terugkeer, sal Hy Homself hulpeloos vind—uiters onbevoeg om die wêreld uit Satan se kloue te red—omdat dit dan “te laat” sal wees. “Proeftyd sal verby wees,” soos een denominasie dit stel.

Hierdie heidense dwaalleer stel Satan baie magtiger as God voor.

---

### *DIE ANTWOORD ONTHUL*

Die Nuwe Testamentiese Kerk van God was op ‘n Sondag gestig. Dit het op die jaarlikse feesdag wat “Pinkster” of “Fees van

Eerstelinge” genoem word, ontstaan. Dit word ook die “Fees van Weke” genoem.

Die Nuwe Testamentiese Kerk het jaar na jaar voortgegaan om hierdie jaarlikse feesdag, Pinkster, te vier, soos ons u sal wys.

En God het hierdie feesdag aan sy mense gegee, om aan hulle te openbaar en hulle gedurig ingelig te hou, dat hierdie huidige bedeling maar net die eerste, preliminêre “oes van siele” is.

Soos reeds verduidelik, is God se bedoeling met hierdie jaarlikse feesdae wat Hy aan sy Kerk gegee het, om sy kinders deurgans in die ware begrip van God se groot plan te hou.

Om dit te bereik, het God die jaarlikse fisiese oes seisoene in Ou Testamentiese Israel as die voorstelling van die geestelike oes van siele voor te stel, gebruik.

In die Heilige Land was daar twee jaarlikse oestye. Eerste is die graanoes wat in die lente plaasvind. Tweede kom die herfsoes. God het bedoel dat Sy heilige feesdae, by herhaling jaar na jaar, aan Sy Kerk uitbeeld dat slegs diegene wat Hy self gedurende hierdie era roep, nou sy verwekte kinders kan word! En ons is slegs die eerstelinge van die groot geestelike oes!

### *DIE BEWEEGERF*

Maar laat ons met die sentrale skrifgedeelte wat al hierdie feesdae opsom—Levitikus 23—voortgaan.

Hier vind ons dat al God se feesdae, as heilige samekomste genoem word—in die een hoofstuk. Eerstens, is die weeklikse samekoms, die Sabbat, die sewende dag van die week. Dan, vanaf vers 4, volg ‘n lys van die jaarlikse feesdae, wat ook verpligte samekomste is, “wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.”

Eerste van hierdie is die Pasga wat deur die Dae van Ongesuurde Brode met die twee feesdae, gevolg word. Dan vind ons vanaf vers 9, instruksies vir die bewegegoffergerf. Die Israeliete was nie toegelaat om enige van die vroeë graanoes tot op hierdie dag te oes nie (vers 14). Dan, op die dag wat op die weeklikse Sabbat volg, moes die eerste gerf graan gesny word en na die priester gebring word (sien Josua 5). Die gerf is dan na die priester geneem. Die priester moes dit dan plegtig voor die Here beweeg om vir hulle aanvaar te word.

Dit stel die *opgestane* Christus voor, wat na die hemel opgevaar het om deur sy Vader aanvaar te word as die eerste mens wot eindelijk van God gebore is—die eersteling van die eerste oes van siele! Deur Johannes 20:17 met Matthéüs 28:9 te vergelyk, sal u sien dat Christus Homself aan die Vader voorgestel het op die oggend na Sy opstanding die vorige aand (1 Korinthiërs 15:20, 23; Romeine 8:29; Kolossense 1:15, 18). Hierdie vervulling van die beweegerf het in werklikheid op die Sondagoggend, na die weeklikse Sabbat tydens die Fees van Ongesuurde Brode, plaasgevind.

### HOE OM PINKSTER TE BEREKEN

Volgende kom die Pinksterfees. Die woord *Pinkster* is vanaf die Griekse woord “*Pentecost*” afkomstig, wat net in die Nuwe Testament gebruik word en nie in die Oue nie. Dit beteken “vyftigste (dag).” In die Ou Testament word hierdie fees die “Fees van Eerstelinge” en “Fees van Weke” genoem.

Let nou op na die behoorlik vertaalde, eenvoudige instruksie wat in Levítikus 23:15 begin: “Dan moet julle *tel* van die dag *ná* die sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring sewe volle weke moet dit wees tot die dag *ná* die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel” (verse 15-16). En daardie vyftigste dag is die Pinksterfees!

“En julle moet op daardie selfde dag uitroep: ‘n heilige vierdag moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is ‘n ewige *insetting* in al julle woonplekke *vir julle geslagte*” (vers 21).

Al die ander feesdae val op spesifieke dae van spesifieke maande. Maar hierdie een jaarlikse feesdag moet bereken word deur te tel. Dit is baie eenvoudig.

Dit is van uiterste belang dat ons die regte dag bepaal. Hierdie dag en net hierdie dag alleen, is deur die Skepper geheilig. Veronderstel dat op dieselfde tyd wat die Kerk van God gestig was, die apostels verkeerd getel het. En “toe die dag van die pinksterfees aangebreek het” (Handelinge 2:1) hulle, in plaas daarvan om *eensgesind* in een plek te vergader, hulle verdeeld was en sommige die vorige dag gedenk het en ander vir die volgende dag gewag het!



Die Fariseërs, wat algehele beheer van die Joodse godsdienstige verordeninge kort na die middel van die eerste eeu n.C. bekom het, het dit (verkeerdelik –dit is , van die verkeerde beginpunt af) bepaal deur van die dag na die eerste *jaarlikse* sabbat te tel.

Voor daardie tyd, was die hoëpriester van die familie Boethus, wat Sadduseërs was, in beheer van sake aangaande die feestye in Jerusalem. Die Boethuste het altyd vanaf die oggend na die *weeklikse* Sabbat begin tel, die dag wat ons Saterdag noem, wat gewoonlik binne die Fees van Ongesuurde Brode val, of onmiddelik *voor* die eerste dag van Ongesuurde Brode. Hierdie historiese inligting is vir ons in die *Mishna* bewaar, wat ongeveer 200 n.C., geskryf was:

“Die Boethuste sê, Die sny van die gerf vind nie aan die einde van die feesdag [die eerste dag van die sewe Dae van Ongesuurde Brode] plaas nie, maar eers aan die einde van die volgende gewone Sabbat” (*Menahoth*, 10,3).

Hierdie gebruik is van geslag tot geslag onder die priesters oorgelewer. En hul metode van tel was so gedoen so lank as wat hulle in beheer van die tempel en die rituele was. Samaritane en Karïete (Joodse sekte wat vanaf die agste eeu n.C., ontstaan het) het ook vanaf die weeklikse Sabbat, die sewende dag van die week, getel.

### OP 'N SONDAG

Wanneer ons begin tel vandat die beweeggerf geoffer is, met daardie Sondag as ons beginpunt, sal ons altyd op 'n ander Sondag uitkom—maar NIE altyd op dieselfde dag van die maand nie. Dit is iets wat elke jaar “getel” moet word. Nie in die Hebreeuse (of Bybelse) kalender, of in die Romeinse kalender wat algemeen vandag gebruik word, kan die Pinksterfees ooit op 'n vasgestelde dag van die maand val nie.

Ons haal weer vanuit die *Mishna* aan, sprekend van die korrekte gebruike wat in Jerusalem gevolg is voordat die Fariseërs algehele beheer daarvoor bekom het. “[Die Boethuste sê:] Pinkster val altyd op die dag na die Sabbat” (*Chagigah*, 2,4).

Dit maak die betekenis van Levitikus 23:15 se laaste gedeelte en die begin van vers 16 baie duidelik: “... *sewe volle weke* moet dit wees; tot die dag ná die sewende *sabbat* moet julle vyftig dae tel.”

---

**DEUTERONÓMIUM 16:9**

‘n Tweede en miskien vir sommige ‘n eenvoudiger instruksie vir die tel tot Pinkster kan in Deuteronómium 16:9-10 gevind word: “*Sewe weke* moet jy tel; vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan word, moet jy *sewe weke* begin tel. Dan moet jy die fees van weke [Pinksterfees] hou...”

Daar word ook na hierdie manier van tel in Númeri 28:26 verwys: “*Sewe weke na paasfees* wanneer julle die fees van weke

---

# Kolossense 2:16

**K**OLOSSENSE 2:16 WAS AS WAARSKUWING AAN DIE HEIDENSE Christene van Kolosse geskryf om hul teen valse leraars te beskerm—leraars wat die boodskap wat Paulus geleer het, op subtiele wyse verdraai het. Let op na wat Paulus geskryf het: “Laat NIEMAND julle oordeel in spys of in drank of met betrekking tot [enige deelname aan of gedeelte verbonde aan die viering van] ‘n fees of nuwemaan of sabbat nie” (Kolossense 2:16).

Die oorspronklike Grieks in vers 16 vir “spys of in drank”—*en broosei* en *en posei*—beteken “wat julle moet eet of drink.”

Daar word geen melding gemaak van die afskaffing van God se wet of gewyde feesdae nie. Niks word in hierdie vers afgeskaf nie. Dit is intendeel net die teenoorgestelde. Die einste kritiek wat die Kolossense oor hul viering van hierdie dae, ontvang het, *bewys* juis dat hulle dit **WEL** gedenk het. Hoe kon hulle gekritiseer word “met betrekking tot” dae wat hulle nie herdenk het nie?

Die eens-Heidense Kolossense het nooit hierdie feesdae van God voorheen gevier nie! Hulle was heidene voor hul bekering. Noudat hulle die evangelie leer ken het, het hulle die dae wat God geheilig het, gevier. En Paulus waarsku hulle hier om *nie* na hul eertydse tradisies *terug te keer* of daardeur beïnvloed te word nie—die weg van diegene wat God se wette en feesdae gehaat het.

“Laat niemand julle oordeel...” (vers 16) in hierdie dinge nie, het Paulus gesê, “maar [eerder] die liggaam [van] Christus” (vers 17, laaste deel).

tot eer van die Here begin vier en die graanoffer uit die nuwe oes bring, moet daar vir julle ‘n gewyde byeenkoms wees, dan mag julle geen gewone werk doen nie” (1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling).

Omdat sewe weke getel word, het die Pinksterfees ook as die “fees van weke” bekend gestaan (Deuteronómium 16:10).

---

### BETEKENIS VAN PINKSTER

Die Pasga simboliseer Christus se offerande vir die verlossing

---

Hierdie vers het menige een gepla. Tog behoort dit nie. Die oorspronklike Grieks sê slegs “maar, die liggaam van Christus.” Wat is die liggaam van Christus? Hoe gebruik Paulus hierdie uitdrukking in Kolossense?

Blaai na hoofstuk 1. In vers 18 vind ons Christus “is die hoof van die liggaam, naamlik DIE GEMEENTE.” Sien ook Kolossense 2:19.

Die ware Kerk van God is die liggaam van Christus. Net soos die Gees van God in die aardse liggaam van Jesus Christus gewoon het, so woon die Heilige Gees ook nou in elke lidmaat van die Kerk en saam vorm die lede almal een liggaam, wat dieselfde werk van Christus doen. Die Kerk is dus Christus se liggaam vandag! En Christus is die Hoof soos die man hoof oor sy vrou is (Efesiërs 5:23).

Paulus verklaar hier dat geen ongemagtige persoon oordeel oor ‘n ware Christen se gedrag kan fel nie. Die mens stel nie vas hoe ons moet leef nie. Maar dit is die Kerk—die liggaam van Christus—se verantwoordelikheid om hierdie dinge vas te stel! Die Kerk moet onderrig in hierdie feesdae gee—om die betekenis van selfbeheersing in die eet en drink, ens., te verduidelik.

Dus behoort hierdie verse wat so min verstaan word duidelik as volg vertaal te word: “Laat geen mens jou dus oordeel nie... maar [laat] die liggaam van Christus [dit eerder doen].” Laat Christus se liggaam hierdie Kerksake oordeel. Griekse geleerdes herken dat hierdie laaste klousule “maar [eerder] die liggaam van Christus” eis dat ‘n werkwoord bygevoeg moet word, maar het dikwels nie gesien dat die vermiste werkwoord, vanuit die mees logiese en grammatiese ooreenstemmende klousule verskaf moet word, sodat dit behoorlik sal lees “Laat die liggaam van Christus oordeel [oor hierdie sake]”!

van ons sondes en die Fees van Ongesuurde Brode simboliseer die wegsit van sonde. Pinkster simboliseer die eerste deel van die geestelike oes—die uitroep van die Kerk—die uitverkorenes—wat vir die Nuwe Testamentiese bedeling op Sondag—Pinkster, 17 Junie 31 n.C., begin het. Op daardie dag het die Heilige Gees in die vlees kom woon, soos deur die profeet Joël geprofeteer was.

Op die 50ste dag (Pinkster) in die Ou Testamentiese tyd, was twee “beweegbrode” (Levítikus 23:17, 20) vanuit die gemeente gebring as eerstelinge aan die Here. Net so is die Nuwe Testamentiese Kerk vanuit die wêreld gebring as eerstelinge van sy verlossing, in vervulling van die betekenis van die beweegbrode.

Ons het almal, indien ons bekeerd is, ‘n deel van daardie Nuwe Testamentiese Kerk geword. Ons het deel geword van wat deur daardie twee beweegbrode gesimboliseer word.

En net soos die beweegoffergerf in die lug opgetel is en beweeg is, wat Christus se reis na die hemel en terugkeer simboliseer, so was die beweegbrode opgelig en beweeg, wat simboliseer dat ons ook vir ‘n oomblik die vaste aarde gaan verlaat en opvaar om Hom in die lug te ontmoet (1 Thessalonicense 4:16-17), voordat ons saam met Hom terugkeer om op die Olyfberg te staan wanneer Hy Sy duisendjarige heerskappy begin (Handelinge 1:11; Sagaria 14:3-4).

### MEESTE NIE NOU GEROEP NIE

God het nie sy volk, Israel, weggegooi nie. Maar Hy het hulle vir ‘n tydelike periode verblind sodat saligheid na die Heidene, deur hul ondergang, kan kom, wat individueel, deur Christus in die familie van Israel oorgeplant of aangeneem kan word (Romeine 11).

Dit is die bedeling wanneer God ‘n volk vir Sy Naam aanneem, om konings en priesters te wees en saam met Christus in die Koninkryk te heers tydens die duisend jaar (Openbaring 5:10).

“Daarna”—na die bedeling om vanuit Heidene ‘n volk vir Sy Naam aan te neem—“sal Ek terugkom,” belowe die Here. Waarvoor? “En Ek sal die vervalde huis van Dawid weer opbou, en Ek [*Christus*, nie mense nie] sal sy bouvalle herstel en dit weer regmaak” (1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling).

Waarom? “Sodat die oorblyfsel van die mense die HERE kan soek” (Handelinge 15:14-17—bestudeer dit weer!)

Tydens die huidige Kerk era, is die nageslagte van Juda en Israel verblind. Ná dit sal Christus terugkeer en dan sal die res van die mensdom—verblinde Israel en die Heiden nasies, na die Here soek wanneer Satan vasgeketting is en Christus as Koning van die konings en HERE van die here heers!

Dié, van die eersteling van sy verlossing, wat onverganklik gemaak sal wees, sal dan saam met Hom as konings en priesters heers in die wonderlike werk waarin ‘n nuwe beskawing opgebou sal word.

Huidiglik is Israel meesal verblind *totdat* die “volheid van die heidene ingegaan het”; en dus (Romeine 11:26) sal die hele Israel dan van die sonde gered word; want die Verlosser, Christus, sal uit Sion kom! Die hele Israel sal tot berou gebring word en van sonde verlos word—hoe? Want Christus sal die goddelose van verganklike Israel afwend deur die vergifnis van sonde.

Nou, in hierdie bedeling, het Israel nie geglo nie en die huis van Dawid is verval (Romeine 11:31-32), sodat hulle ook, deur die genade van die Heidene en die minderheid “Uitverkorenes” in Israel, wat in hierdie era uitverkies is, wat dan as konings en priesters saam met Christus handel, genade mag vind!

Hoe wonderlik is God se meestersplan van verlossing, wanneer ons dit verstaan, soos ons dit in die feesdae uitgebeeld sien!

---

## NOU SLEGS DIE EERSTELINGOES

In Jakobus 1:18 en Romeine 8:23, byvoorbeeld, word die heiliges van hiedie bedeling die eersteling van God se verlossing genoem. Hierdie bedeling, en die uitverkiesing van hierdie mense om Sy Naam te dra, het op die Pinksterfees begin. Hierdie fees stel jaarliks hierdie groot gebeurtenis—die groot “verborge” bedeling—in God se reddingsplan voor!

Let nou ook op dat hierdie feeste, Ongesuurde Brode en die Pinksterfees, aan die begin van die jaar plaasvind en die groot gebeurtenisse wat hulle simboliseer ook aan die begin van die verlossingsplan plaasvind!

Die groep feesdae wat aan die EINDE van die jaar plaasvind, simboliseer weer die ontsaglike gebeure in God se plan van

verlossing wat nog, in die toekoms, aan die einde van hierdie bedeling, moet plaasvind! Hulle val almal in die sewende maand—en hul vervulling sal die sewende duisendjaar vanaf die Skepping inlui!

Die kerke van die wêreld vandag leer dat dit die Kerk se sending is om die wêreld te red. Hulle leer dat almal wat gered gaan word, nou, in die huidige bedeling, gered word. Hulle leer dat die “proeftyd” met, of net voor, die wederkoms van Christus “EINDIG”.

Indien dit waar is, dan is God se plan een groot mislukking! Slegs ‘n baie klein minderheid is werklik in hierdie bedeling gered. ‘n Derde van al die lewendes vandag op aarde, het nog nooit eers die enigste naam waardeur ons gered kan word, gehoor nie!

Is hulle—die meerderheid van alle lewendes, vir ewig verlore omdat hulle nog nooit gehoor het nie—verlore en veroordeel sonder ‘n kans? Die algemene lering is dat God sy volk, Israel, weggegooi het en hulle vir ewig veroordeel en verlore is. Sou hulle hierdie jaarlikse feesdae getrou herdenk, wat vir ewig verpligtend is—en getrou deur die Nuwe Testamentiese Kerk gevier is soos in Handelingte en kerkgeskiedenis opgeskrywe is, sou hulle God se wonderlike plan verstaan het.

Ons is nie opgelê om elkeen in die wêreld in hierdie era te bekeer nie, maar om die Evangelie te verkondig. Watter Evangelie? Die blye boodskap van die Koninkryk—die goeie nuus van die duisend jaar van wederoprigting van alle dinge wanneer Christus terugkom om in mag en majesteit te heers!

Laat ons dit verstaan. Huidiglik is Israel gedeeltelik verblind—maar net totdat die Heidense bedeling voltooi is. Gedurende hierdie tyd, het net ‘n minderheid van die Heidene—Chinese, Indiërs en Russe—ooit die naam van Christus gehoor.

Die goeie nuus van die komende Koninkryk moet as ‘n getuie verkondig word. Baie is gedurende hierdie tyd geroep, maar baie min is eintlik uitverkies en selfs nog minder het getrou gebly tot aan die einde.

Hulle—diegende wat vir Sy Naam uitgekies is—sal onverganklik gemaak word en tydens die duisendjaar van die Koninkryk op aarde, heers. Dan sal Israel se blindheid verwyder word. Hulle was verblind tot die einde van die Heidense tye. Die

hemele het Jesus ontvang tot die tyd van die wederoprigting van hierdie dinge.

Die wat nou versamel is, vanaf die eerste dag van die Pinksterfees op 17 Junie 31 n.C., is net die eersteling van God se reddingsplan. Hierdie bedeling, dan, is net die uitverkiesing van die “eersteling” van die wat gered word. En hulle word beproef en getoets sodat hulle vir posisies as konings en priesters in die Koninkryk, kan kwalifiseer, om dan die werklike verlossing van die wêreld moontlik te maak.

### WANNEER CHRISTUS TERUGKEER

*Eers dan*, is dit wanneer God weer sy hand sal uitstrek om die oorblyfsel van Sy volk—Israel—los te koop (Jesaja 11:11).

*Eers dan* is dit wanneer “die Here sal kom in vuur, en ... met vuur en met sy swaard sal die HERE strafgerig hou oor alle nasies ... En Ek sal ‘n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes [van die plaë] uit hulle stuur na die nasies [Heidene] ... wat my tyding *nie gehoor* en my heerlikheid *nie gesien* het nie; en hulle sal my heerlikheid onder die nasies verkondig” (Jesaja 66: 15-16, 19).

*Dan* is dit wanneer “die lewende waters vanuit Jerusalem sal vloei” en die Heiden nasies wat nog nie voorheen gehoor het nie “sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskaare, en *om die huttefees te vier*”! (Sagaría 14:16).

*Dan* is dit wanneer baie nasies “sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg [volk] van die HERE ... dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee ... nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie ... *In dié dag*, spreek die HERE ... sal [die Here] koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid” (Miga 4:2-7). Dit is nie nou op God se Kerk van toepassing nie—maar op die wonderlike tyd van die Koninkryk, na Christus se wederkoms. Wat ‘n wonderlike plan van verlossing!

Adam het gesondig. Almal het gesondig. Van Adam af tot nou toe sien ons die kronieke van die mens sonder God—van menslike lyding en mislukking.

En dus het God, in sy groot wysheid, toegelaat dat die mensdom aan hulself bewys watter sondaars hulle is—hoe hopeloos hulle is, aan hulself oorgelaat!

En uiteindelik sal ons die les geleer het, dat dit net is wanneer God Homself onderneem om die mens te red—deur Jesus te stuur om met 'n ysterstaf te regeer—dat die wêreld werklik gered kan word! En dus is die wat nou gered word die eerstelinge van verlossing en sal hulle die baie groot eer hê om Christus se assistente te wees in daardie wonderlike Koninkrywerk van verlossing!

Dit is God se werklike plan van verlossing, soos dit vanaf Génesis tot Openbaring geleer word! En hoe teenstrydig met die populêre dwaalleer! Maar dit is nietemin die plan wat deur God se feesdae voorgestel word. En as die Kerke aangehou het om hierdie dae te vier, sou hulle nooit sig van hierdie plan verloor het en onder die misleiding van dwaalleraars gekom het nie!

---

*PINKSTERFEES DEUR DIE NUWE  
TESTAMENT KERK VAN GOD ONDERHOU*

Net soos ons gevind het dat die ware Kerk van God steeds die Fees van Ongesuurde Brode en die Pasga gevier het, het hulle ook steeds die Pinksterfees onderhou. Lees dit: 1 Korinthiërs 16:8; Handeling 20:16.

Sou hulle nie in 'n heilige samekoms op die eerste Pinksterfees byeen gewees het nie, nadat alles wat afgeskaf was laat vaar is nie, sou ons nooit die heerlike rekord van die tweede hoofstuk van Handeling in ons Bybels kon lees nie!

Nou, “n gewyde samekoms” beteken 'n heilige byeenkoms van die Kerk, wat onder absolute gesag verplig word. Dit is 'n samekoms waar die teenwoordigheid van elkeen, onder gesag verplig word. Die Sabbat is 'n weeklikse heilige samekoms. Ons word dus verplig om byeen te kom. Elkeen van hierdie jaarlikse feesdae is 'n gewyde samekoms. Die vroeë Kerk was gehoorsaam. En ons?



### 3

---

## *Die Fees Van Basuine en Dag van Versoening*

“**E**N DIE HERE HET ... GESÊ: ... IN DIE SEWENDE MAAND, op die eerste van die maand, moet dit vir julle ‘n Erusdag wees, ‘n *gedenk dag* [nie ‘n skadu nie] deur basuingeklink, ‘n HEILIGE VIERDAG. Géén beroepswerk mag julle doen nie” (Levítikus 23:23-25).

Hier word die volgende geseënde gebeurtenis in God se verlossingsplan, vir ons voorgestel, wanneer Christus sal TERUGKEER, in die wolke, met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met die geklink van die basuin van God (1 Thessalonicense 4: 14-17). Dit sal gebeur “by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onvergankilik opgewek word; en ons sal [almal] verander word” (1 Korinthiërs 15:52).

Tensy Christus terugkeer om die dode op te wek, kan ons nooit die ewige lewe ontvang nie—indien daar nie ‘n opstanding is nie “dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore” (vers 18).

Christus gryp direk in met wêreldgebeure ten tyde van die sewende, of laaste, basuin. (Openbaring 11:15-19). ‘n Basuin is ‘n simbool van oorlog. Hy kom in ‘n tyd van wêreldwye oorlog—wanneer die nasies vertoornd is! Sodra die werk wat die bymeekaarmaak van die eerstelinge behels (deur die Pinksterfees voorgestel), voltooi is aan die einde van hierdie huidige era, sal Christus begin om die huis van Dawid op te rig (Handelinge 15:16)—om sy hand weer vir die tweede keer uit te strek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop (Jesaja 11:11)—om Sy verlore

skape uit te soek en te vind, wat die leraars van die kerke gefaal het om uit te soek en te spaar tydens hierdie periode (Eségiël 34:1-14).

Let noukeurig op presies wanneer dit gaan gebeur! “En in dié dag sal daar met ‘n groot basuin geblaas word; dan sal kom die wat verlore is... en hulle sal die Here aanbid op die heilige berg in Jerusalem” (Jesaja 27:13).

*Wanneer* sal Israel weer bymekaar gemaak word? Met die geklank van die basuin—met die wederkoms van Christus. Omdat die kerke die fees van Basuine vergeet het, dink menige dat die terugkeer van ‘n gedeelte van die Jode na die Heilige Land en die opstel van ‘n nasie genaamd Israel nou die vervuiling van hierdie profesie is!

Christus se direkte ingryping in wêreldgebeure sal die volgende stap in die verlossingsplan wees.

En moontlik sal die glorieryke wederkoms tog op hierdie selfde dag van die Fees van Basuine gebeur, in watter jaar dit ookal gebeur—wie weet? Terwyl ons nie verseker weet nie, kan ons tog nie die moontlikheid raaksien nie? Die kruisiging was op die Pasgadag—dieselfde dag! Die Heilige Gees het op die presiese dag van die Pinksterfees, wat die uitverkiesing van die eersteling van verlossing begin het, gekom. Indien daardie 120 dissipels nie hierdie jaarlikse Sabbat gedenk het nie—as hulle nie almal saam in ‘n heilige samekoms, byeen was nie—sou hulle die seëning van die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees ontvang het? Jesus het ons gedurigdeur gewaarsku om te waak, aangaande Sy Tweede Koms! Is dit moontlik dat, tensy ons die Fees van Basuine vier, soos die Kerk van God in die eerste eeu die Pinksterfees gevier het, ons nie gereed sal wees nie, of weggevoer word om Hom tegemoet te gaan nie? Ons kan nie verseker sê nie; maar ons vra wel die vraag. Is dit nie moontlik nie? Laat ons, ons nederig en gewillig onderwerp om gehoorsaam in al die lig te wandel.

Die fees van Basuine is ‘n dag van verblyding—en, net soos die weeklikse Sabbat, heilig tot die Here (Nehémia 8:3, 10-13).

---

### DAG VAN VERSOENING, OF DIE VAS

Volgende, laat ons Levítikus 23:26-27, 31-32 lees: “Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: Maar op die tiende dag

van hierdie sewende maand is dit die versoendag. ‘n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig [vas] ... Julle mag géén werk doen nie; dit is ‘n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke. ‘n *Dag [sabbat]* van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, *van aand tot aand*, moet julle *jul sabbat* hou.” ‘n Wonderlike verborgenheid! Totale versoening (eenwording) met God! Die mens word uiteindelik een met sy Maker!

Weer, in die 16de hoofstuk van Levítikus, verse 29 en 31, waar die simboliek van die Dag van Versoening verduidelik word, vind ons dat dit as ‘n ewigbindende, heilige Sabbat ingestel word: “En dit moet vir julle ‘n ewige insetting wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle jul verootmoedig en géén werk doen nie, die kind van die land sowel as die vreemdeling wat onder julle vertoef ... ‘n *Dag van volkome rus* moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Dit is ‘n ewige insetting.”

Let ook op na die uitdrukking in Levítikus 23:32: “van aand tot aand moet julle jul sabbat hou.” Elke Sabbat onderhouer haal hierdie stukkie aan om te wys dat die Sabbat met die sonsondergang begin. Indien ons dit glo, waarom vier ons dan nie die einste Sabbat wat in hierdie selfde teksgedeelte genoem word nie—die hoë Sabbatdag, die Dag van Versoening, wat vir ewig ingestel is? Is ons deurgans konsekwent wanneer ons gedurig hierdie skrifgedeelte aanhaal om te wys wanneer die Sabbat begin, maar weier om die einste Sabbat waarna verwys word, te gedenk?

---

### BETEKENIS UITGEBEELD DEUR DIE DAG VAN VERSOENING

Die Dag van Versoening beeld ‘n wonderlike en groot gebeurtenis uit, wat na die Wederkoms van Christus sal plaasvind, waarvan die wêreld in totale onkunde verkeer omdat dit nie die werklike betekenisvolheid van die jaarlikse Sabbatte wat heilig tot die Here is, kan sien nie. Dit het gefaal om hulle as ewigdurende herrinerring van God se plan van verlossing, te vier!

Die simboliek word uitgedruk in die beskrywing van gebeure wat op die Dag van Versoening plaasvind, in die 16de hoofstuk van Levítikus, soos dit voor die kruisiging plaasgevind het:

Vers 5—“En van die vergadering van die kinders van Israel moet hy [Aäron, of die hoëpriester] twee bokramme as sondoffer ... neem”

Vers 6—Die hoëpriester het ‘n sondoffer vir HOMSELF en sy huis geoffer.

Verse 7 en 8—“Hy moet ook die twee bokke neem en hulle voor die aangesig van die Here stel by die ingang van die tent van samekoms. En Aäron moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir die Here en een lot vir Asásel.”

Nou omdat dit nie verstaan word nie—omdat daar soveel verskillende menings, opinies, idees hieroor en verklarings hiervoor bestaan, sal ons hier stilstaan om in meer besonderhede te gaan. Laat ons dus, ten spyte van ons eie vorige oortuigings, dit met ‘n oop gesindheid, sonder enige voorbehoud bestudeer en alle dinge beproef. Ons wil die waarheid hê!

Die sleutel tot die hele verklaring lê in die korrekte begrip van die betekenis van *Asásel*. Hierdie woord verskyn nêrens anders in die Ou Testament nie. Die “*Comprehensive Commentary*” verklaar: “Spencer, na die oudste opinies van die Hebreërs en Christene, dink dat *Asásel* die naam van die Duiwel is en so ook *Rosen* ...”

Die “*One Volume Commentary*” verklaar: “*Asásel* blyk die naam van een van daardie kwaadaardige demone te wees.”

---

### SINNEBEELDE VAN CHRISTUS EN SATAN

Hierdie twee bokke was natuurlik sinnebeelde. Neem kennis, dit was noodsaaklik om deur die lot te bepaal watter een gekwalifiseerd was om Christus te verteenwoordig en watter een *Asásel*. Sommige sê dat *BEIDE* gekwalifiseerd was. Die teksgedeelte sê dit nie. Laat ons dit dus nie veronderstel nie. ‘n “Lot” was ‘n plegtige beroep op God om ‘n twyfelagtige saak te beslis. Dit was ‘n gewyde, godsdienstige plegtigheid. Dit het ‘n bonatuurlike daad van God ingesluit. Dit is waarom loterye en dobbelary van die duiwel is—dit is inderwaarheid die ontheiliging van ‘n heilige diens wat vir God aanvaarbaar is.

Neem kennis dat mense onbevoeg was om te besluit watter bok gekwalifiseerd was om Christus te verteenwoordig. Dit het 'n beroep op God om te besluit, meegebring! “[E]en lot vir die Here en een lot vir *Asásel*.” Een lot was vir die Here—hierdie bok het Christus verteenwoordig—maar die ander lot was nie vir die Here nie, het nie vir Christus verteenwoordig nie, maar vir *Asásel*—Satan! Hierdie woorde dui aan dat *Asásel* die naam van 'n persoon is, hier in teenstelling met die Here! Let op die teenstelling—een vir die Here, die ander vir *Asásel*.

Nou die bok wat God gekies het—deur middel van die lot, om Christus te verteenwoordig—was geoffer, net soos Christus, sy teenbeeld geoffer was. Maar die ander bok wat deur God gekies was om *Asásel* te verteenwoordig, was nie geoffer nie, maar was lewendig die onbewoonde woestyn ingejaag. Dit was nie 'n opgewekte bok, wat die opgestane Christus verteenwoordig het nie, want dit was nooit doodgemaak nie. Die onbewoonde wildernis, waarheen hierdie bok gedryf was, kan nie, soos ons sal wys, die hemel, waarheen Christus gegaan het, verteenwoordig nie. Die hemel is nie onbewoon nie en nog minder 'n wildernis.

Nadat God aangedui het watter bok Christus verteenwoordig en watter een *Asásel*, het die hoëpriester (vers 11) die sondofferbul geslag as 'n sondoffer vir homself, daarna het hy van die brandende kole vuur en soet wierrook in die Allerheiligste ingeneem, die bloed van die bul op die versoendeksel gesprinkel, wat die troon van God verteenwoordig en die kleitablette (die wet) bevat. Die hoëpriester was genoodsaak om dit te doen om homself te reinig om diens te doen en Christus as Hoëpriester te kan verteenwoordig. In die teenbeeld, was dit nie gedoen nie omdat Christus, ons Hoëpriester nie nodig gehad het om Homself te reinig soos die tipiese plaasvervangende priesters nie.

Nou was die Levietiese hoëpriester gereed om uit te gaan en die diens waar te neem.

Volgende, was die bok, wat God deur lot gekies het om Christus te verteenwoordig, geslag as sondoffer vir die mense. So was die sondes van die mense deur die bok gedra, net soos Christus, uiteindelik, vir eens en vir altyd, ons sondes op die kruis gedra het. Maar Christus het uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar na die troon van God.

Nou, wie of wat, het voortaan van hierdie punt in die Levietiese plegtigheid, die opgestane Christus wat hemel toe gegaan het, verteenwoordig? Sommige sê die bok wat Asásel verteenwoordig. Laat ons sien.

Die opgestane Christus, wat nou aan die regterhand van God in die hemel sit (1 Petrus 3:22), word genoem—wat? Ons Hoëpriester! Wat was die aardse sinnebeeld van God se troon? Die onbewoonde wildernis? Nee! Dit is waarheen die lewendige bok gegaan het!

Die aardse sinnebeeld van God se troon was die versoendeksel in die Allerheiligste. Na Christus se dood, het Hy na die hemelse troon van genade gegaan om vir ons in te tree, as ons Hoëpriester. "... [E]n ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek, 'n hoëpriester geword het vir ewig" (Hebreërs 6:19-20).

Nou, weereens, wie of wat in die Levietiese plegtigheid van die Dag van Versoening, het die opgestane Christus, ons Hoëpriester, wat binne die voorhangsel na God se troon in die hemel gegaan het, voorgestel? Die een bok was geslag. Hy het die dooie Christus verteenwoordig. Dit kan nie langer die opgewekte Christus verteenwoordig nie. Die verslane Christus was nie ons Hoëpriester nie, want die Levietiese priesterdom, met sy hoëpriester, het nie tot 'n einde gekom totdat Christus vanuit die dood opgestaan het en na die hemel as ons Hoëpriester, volgens die orde van Melgisédek, opgevaar het nie. Maar die opgestane Christus was Hoëpriester. Nou WIE het hierdie rol in die Levietiese plegtigheid, jaar na jaar tydelik uitgebeeld, op hierdie ewige Gewyde Dag? Tog, dit is so vanselfsprekend, selfs 'n kind kan sien dat dit die Levietiese hoëpriester was en nié die bok wat Asásel verteenwoordig het nie!

---

### DIE HOËPRIESTER—'N SINNEBEELD VAN CHRISTUS

Sodra die geslagte bok dood was, *wie* het binnekant die voorhangsel ingegaan om die bloed van die bok voor die versinnebeelding van die troon van God te bring?

Levítikus 16:15—"Dan moet hy [die hoëpriester] die sondofferbok slag wat vir die volk bedoel is, en [nou die

hoëpriester homself wat die werk van die opgestane Christus voorstel], sy bloed binnekant die voorhangsel bring... hy moet dit sprinkel op die versoendeksel en ... [vers 16] so moet hy dan vir die heiligdom versoening doen.”

En dus was dit die hoëpriester wat die bloed binnekant die voorhangsel na die versoendeksel gebring het, wat die opgestane Christus figuurlik voorgestel het, wat sy bloed eenkeer vir almal, binnekant die voorhangsel na die troon van God in die hemele gebring het, om daar vir ons as Hoëpriester in te tree. Dit is so eenvoudig, 'n kind kan dit sien.

Die geslagte bok het die gekruisigde Jesus voorgestel. Die hoëpriester—deur die bloed van die geslagte bok binne die voorhangsel, na die versoendeksel in die Allerheiligste te neem, wat 'n sinnebeeld van God se troon is—het die werk van die opgestane Christus gedoen en voorgestel, wat opgevaar het na die regterhand van God, die Allerhoogste, om daar vir ons in te tree as ons Hoëpriester. Kan ons eerlikwaar voortgaan in die dwaalleer dat die Asáselbok die werk van die opgestane Christus verteenwoordig? Het hierdie lewendige bok die bloed van Christus binne die voorhangsel, na die troon geneem?

Die hoëpriester wat binne die voorhangsel gegaan het, die Allerheiligste in, simboliseer Christus se terugkeer hemel toe. Die werk wat hy gedoen het in die Allerheiligste simboliseer die werk wat Christus die afgelope 1,900 jaar gedoen het, om vir ons in te tree, sy vergiete bloed voor die troon in die hemel te bring. Nou, met die terugkeer, wat Christus se terugkeer na die aarde toe simboliseer, wat het hy gedoen?

“En as hy die versoening van die heiligdom en die tent van samekoms en die altaar voleindig het, *moet hy die lewendige bok laat aankom*; en Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregthede van die kinders van Israel, en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ookal mag wees, en *hy moet dié op die kop van die bok lê* en hom deur 'n man wat gereed staan, *na die woestyn toe stuur*. So moet die bok dan *op hom* al hulle ongeregthede na 'n *woeste land* wegdra; en hy moet die bok *in die woestyn* los. Dan moet Aäron ... sy liggaam op 'n heilige plek in die water bad ... En hy wat die bok vir Asásel weggedrywe het,

moet sy klere was en sy liggaam in die water bad; en daarna mag hy in die laer kom” (Levítikus 16:20-26)

## *DIE ASÁSEL BOK NIE ONS SONDEDRAER NIE*

Kom ons kry dit reg!

Is daar geregtigheid met God? Is God nie ‘n God van geregtigheid sowel as deernis en genade nie? Wie is die werklike bewerker van ons sondes? Die duiwel is die bewerker daarvan, net soos Christus die bewerker van ons saligheid is. Jesus het ons skuld—ons blaam—ons sondes—op Homself geneem as ‘n onskuldige plaasvervangende offerande. Hy was ‘n onskuldige slagoffer. Hy het ons liefgehad en was gewillig om vir ons te sterwe. Ons skuld—ons sondes, is deur Hom gedra en Hom alleen—en God vergewe hulle wanneer ons tot bekering kom en sy offerande aanvaar. En tog, is dit, as ons hier stop, volle geregtigheid?

Die werklike oorsaak—die werklike bewerker van daardie sondes—was Satan die duiwel. Is dit geregtigheid vir Christus om sondes te dra wat nie Syne is nie, terwyl die duiwel skotvry daarvan afkom? Dink u nie dat God se plan uiteindelik volle geregtigheid sal bewerk deur daardie oorspronklike blaam en skuld terug te sit waar dit eintlik hoort nie?

Let goed op na hierdie onderskeiding. Christus het ons skuld gedra. Want ons was skuldig, selfs al is die duiwel die oorspronklike oorsaak daarvan. Maar geregtigheid eis definitief dat God die skuld terug plaas op die hoof van die duiwel—nie ons skuld nie, maar sy eie skuld—omdat hy ons in die sonde ingelei het. Ons was ook skuldig,—en Christus het ons skuld gedra—tog hoort ons sondes terug op die duiwel as sy eie skuld!

Let nou op na ‘n ander punt. Die Asáselbok dra die sondes weg van al die mense wat reeds vergewe is. Hierdie sondes was reeds ten volle betaal deur Christus se plaasvervangende offerande, wat deur die slagting van die onskuldige lam voorgestel is, vóór daardie selfde sondes uiteindelik op die lewendige bok gelê is. Hulle was voorheen betaal deur die dood van die geslagte bok.

Die duiwel is die werklike bewerker en oorsaak van alle sonde. Kan ons dan, uiteindelik één met God word as hierdie



opstoker dan nog saam met ons is? Kan ons nie sien dat hy eers verdryf moet word nie en dat daar nie geregtigheid by God sal wees tensy die duiwel se eie skuld in ons sondes terug op sy hoof geplaas word nie? Is dit geregtigheid vir Christus om die skuld van die duiwel sowel as ons skuld vir ons sondes te dra? Christus het ons sondes gedra, maar moet Hy aanhou om dit te dra? Moet hulle nie heeltemal van ons en van die teenwoordigheid van God verwyder word nie?

Dus is die slagting en sprinkeling van die eerste bok se bloed 'n sigbare uiteensetting van ons versoening met God, deur die plaasvervangende offerande van 'n onskuldige slagoffer. Dus, is die verdrywing van die tweede bok, wat gelaai is met daardie sondes, waarvan die boetedoening deur die eerste bok uitgebeeld is, ook 'n sigbare uiteensetting van die effek van daardie offerande, in die volledige verwydering van daardie betaalde sondes, uit God se teenwoordigheid uit.

---

### SATAN DIE AANKLAER

Satan is die aanklaer van die broeders. Sy mag oor mense is op sonde gegrond. Wanneer al daardie sondes, waarvan hy die oorsaak (bewerker) is, terug op hom gelaai word, nadat hulle van ons af verwyder is deur Christus, sal Satan sy houvas op ons verloor. En sal hy ons nie langer kan aankla of beskuldig nie!

Dus, uiteindelik, soos die aanvaarding van die eerste bok (Christus) se bloed volledige boetedoening en vergifnis vir Israel se sondes simboliseer, so simboliseer die verdrywing van die Asáselbok wat die betaalde sondes wegdra, die volledige verwydering van alle sonde—verlossing, deur die versoening, van die mag van die vyand.

Die offerande van die eerste onskuldige slagoffer was die middel tot versoening met God, maar nie heeltemal volledige geregtigheid nie.

Die verdrywing van die tweede, lewendige bok wys die finale versoening, deur die sondes terug waar hulle hoort, op die oorsaak te plaas en die volledige verwydering van die sondes én hul oorsaak uit die aangesig van die Almagtige en sy mense—en dus die volledige verlossing van die mense uit die mag van Satan.

*Webster* sê om te versoen beteken om een te word. Om te verening. Ons sal nie heeltemal verenig en een met God kan word totdat dit gedoen is nie.

Voor ons hier los, skenk ook aandag aan die feit dat nadat hy beide sy hande op die lewende bok, Asásel, gelê het, Aäron homself moes was en reinig voordat hy in kontak met die mense kon kom. So ook die man “wat gereed staan”—hy moes ook eers sy klere en homself bad nadat hy in kontak met die Asáselbok gekom het, vóórdat hy weer in die teenwoordigheid van die mense kon kom. Die simboliek is gewis die van in kontak met die duivel kom!

Let nou ook op dat hierdie handeling van die reeds betaalde en vergeefde sondes op die hoof van die lewendige bok te plaas, nie plaasvind voordat die hoëpriester vanuit die Allerheiligste binne die voorhangsel, terugkeer nie—dit dui op ‘n gebeurtenis wat na Christus se Wederkoms aarde toe, sal plaasvind!

Maar as die lewende bok die opgestane Christus verteenwoordig het, dan was die sondes wat Christus aan die kruis gedra het, deur ‘n ander, deur die hoëpriester voorgestel, terug op Christus geplaas, na sy opstanding. Sou dit sin maak? Is die teorie van die Asáselbok wat Christus verteenwoordig, konsekwent? Nee, maar die eenvoudige betekenis pas om elke draai en is eenparig. Die eerste bok het die onskuldige Jesus wat vir ons sondes gesterf het, verteenwoordig—die hoëpriester verteenwoordig die opgestane Christus wat binne die voorhangsel na die troon van God in die hemel gaan, vir meer as 1,900 jaar—en die hoëpriester wat terugkeer om dan uiteindelik die sondes op die hoof van die lewende bok te plaas, het die wederkoms van Christus uitgebeeld wat die sondes wat Hy gedra het, op hul bewerker, die duivel, terug sal plaas en hom dan lewendig sal wegstuur na ‘n onbewoonde wildernis—die “bodemlose put” of afgrond van Openbaring 20:3.

In die 19de hoofstuk van Openbaring, vind ons die profesie aangaande die Wederkoms van Christus. Wat moet gebeur, aan die begin van die 20ste hoofstuk?

Presies wat die 16de hoofstuk van Levitikus uitbeeld. Die duivel word weggestuur—die simbool wat hier gebruik word is die “afgrond” wat ‘n simbool van ‘n onbewoonde, verlate wildernis is (Openbaring 18:2)—en hy word soontoe gestuur

deur 'n man WAT GEREED STAAN (In Engels—a “FIT man”—KJV)—'n ENGEL uit die hemel. Die duiwel word nie doodgemaak nie. Hy kan nie sterf nie. Hy is steeds lewend 'n duisend jaar later—na die Millennium (Openbaring 20:7).

Nou, 'n paar punte wat in die gedagtes sal opkom. Beide bokke was “voor die Here gestel”. Kan Satan voor die Here gestel word? Job 1:6 en 2:1 sê dat hy homself voor die Here stel. Let ook, dat Asásel van die Allerheiligste, 'n simbool van God se teenwoordigheid, weggedryf was.

En so is die jaarlikse Dag van Versoening vir ewig ingestel om altyd die plan van verlossing wat na Christus se Wederkoms sal plaasvind, voor die aangesig van God se kinders en sy Kerk te hou.

Ons vind ook, dat hierdie jaarlikse feesdag in die Nuwe Testament erken word. In Handeling 27:9, staan dit geskrywe dat Paulus op sy gevaarlike seereis na Rome oppad was “en die skeepvaart al gevaarlik geword het en *die vastyd ook al verby was ...*” Hierdie vas verwys na die Dag van Versoening—die 10de dag van die sewende maand. Hierdie dag kon nie al op daardie spesifieke jaar verby gewees het nie as hulle nie hierdie dag steeds gedenk het en dit steeds verpligtend was nie. Andersins sou die Heilige Gees nooit daardie woorde geïnspireer het nie! Dit dui beslis aan dat hierdie dag steeds bestaan het en dus deur die Heilige Gees erken word.

# 4

## Die Huttefees en die Laaste Groot Dag

**N**OU KOM ONS BY DIE HUTTEFEES—OF FEES VAN Insameling—die sesde fees. Laat ons die instruksies aangaande hierdie geleentheid van nader bekyk: “Die huttefees moet jy sewe dae lank hou as jy van jou dorsvloer en jou wynpers insameling hou. En jy moet vrolik wees op jou fees, jy en jou seun en jou dogter ... Sewe dae lank moet jy vir die HERE jou God fees hou op die plek wat die HERE sal uitkies; want die HERE jou God sal jou seën in al jou inkomste en in al die werk van jou hande; en jy moet net maar vrolik wees ... en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie; elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van die HERE jou God wat Hy jou gegee het” (Deuteronomium 16:13-17).

Hier is die Huttefees, wat sewe dae lank gevier moet word, vanaf die 15de dag van die sewende maand van God se Heilige Kalender. Let op Levitikus 23:33-35: “En die HERE het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees van die HERE. Op die eerste dag moet daar ‘n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.”

Op die eerste van hierdie dae is ‘n heilige samekoms—‘n verpligte byeenkoms. Geen beroepswerk mag gedoen word nie. Dan “moet julle ... sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God *vrolik* wees ... Dit is ‘n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier” (Levitikus 23:40-41).

Neem kennis dat dit vir ewig verpligtend is.

Hier word die finale hoogtepunte in God se meesterplan voorgestel: Nadat Christus vir ons sondes gesterf het om die mensdom van hul sonde te verlos—nadat Hy sy Heilige Gees gestuur het en mense uitverkies het om vir Sy naam konings en priesters, deur die millennium te wees—na Sy glorieryke Wederkoms—nadat Hy uiteindelik die verlostes herstel het deur die sondes op Satan se hoof te plaas, hul werklike oorsaak, en beide hom en die sonde voor die aangesig van God en sy mense verwyder het; en sodoende uiteindelik die versoening met God vervolmaak het, ons uiteindelik één met God gemaak het—dan is ons eers gereed vir die finale reeks gebeurtenisse, die aanvang van die “bruilof van die Lam,” die eintlike sluiting van die Nuwe Verbond, die vestiging van die Koninkryk van God op aarde en die insameling van die groot oes van siele vir ‘n duisend jaar.

Hierdie fees stel die Millennium of duisendjarige ryk voor!

---

### VOORSTELLING VAN DIE MILLENNIUM

Om sy plan aan ons uiteen te sit het God die fisiese jaarlikse oeste in Ou Testamentiese Israel gebruik om die geestelike oes of insameling van siele voor te stel. In die Heilige Land is daar twee jaarlikse oeste wat plaasvind. Die eerste is die graanoes in die lente. Daarna volg die hoofoes. (Neem in ag dat hierdie seisoene volgens die noordelike halfronde, val).

Let daarop dat die Huttefees “aan die einde van die jaar” (Afr. Nuwe Vertaling) gevier moet word (Exodus 34:22). In hierdie vers word die Huttefees spesifiek die “fees van insameling” genoem. Hierdie oesjaar eindig aan die begin van herfs in die noordelike halfronde. Net soos Pinkster die eerste oes voorstel—van hierdie Kerk era, net so stel die fees van insameling, of Huttefees, die herfsoes—die groot insamelingsoes van siele in die Millennium voor!

Vandag is nie die enigste dag van verlossing nie. Vandag is ‘n dag van verlossing. Volgens die “*King James Version*” lees Jesaja in hoofstuk 49, vers 8 dat dit “n dag van heil” is. Eintlik moet die oorspronklike Griekse woorde van Paulus in 2 Korinthiërs 6:2 ook vertaal word as “n dag van heil,” en nie “die dag van heil” nie.

Blaai na die boek van Sagaría om dit duideliker te verstaan. In die 12de en 13de hoofstukke het ons 'n prentjie van Christus wat na die aarde terugkeer en die versoening van die wêreld begin. Hier word die betekenis van die Fees van Basuine en Dag van Versoening duidelik gemaak.

Let nou op na die 14de hoofstuk. Die tyd is die Millennium. “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een ... En hulle sal daarin woon en daar sal geen banvloek [die stad sal nie weer verwoes word nie—Afr. Nuwe Vertaling] meer wees nie, en Jerusalem sal in veiligheid woon” (verse 9,11). Dit is die tyd wanneer “lewende waters”—verlossing, die Heilige Gees—“uit Jerusalem uitvloei” (vers 8). Die “waters” is letterlik sowel as figuurlik. God stel dikwels sy plan aan ons bekend deur dit met fisiese gebeurtenisse voor te stel.

In dáárdie dag wanneer die aarde veilig bewoon word, wanneer die Heilige Gees vir alle vlees toeganklik gemaak word, wat gebeur dan? “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal *jaar na jaar* optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskaare, en *om die huttefees te vier*” (vers 16).

---

### HEIDENE VERPLIG OM HUTTEFEES TE VIER

Let nou op na die 16de vers van Sagaría 14. Na Christus teruggekeer het, sal die nasies—verganklike Heidene wat nog nie saligheid ontvang het nie—na Jerusalem kom om die Huttefees te vier! Hoe kan hulle 'n fees gedenk wat met die kruisiging afgeskaf was? Hulle sal dit net kan gedenk indien dit tot in ewigheid verpligtend is.

En wat sal gebeur indien hulle weier om God te gehoorsaam? “En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskaare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie” (vers 17). Sterk woorde daardie!

Die volke sal gedwing word om die Huttefees jaarliks te gedenk, wanneer Christus met 'n ysterstaf regeer!

En as die nasies nog steeds nie wil gehoorsaam nie? “[D]an sal ... die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref”—daar sal steeds Heiden nasies wees wat net begin om die weg van

saligheid te leer ken—“wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf ... wees ... van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie” (verse 18-19).

Selfs die Heidene sal hierdie fees moet vier om saligheid te kan ontvang. Natuurlik, dit is vir ewig verpligtend!

Ons haal oudergewoonte Jesaja 66:23 aan, om te bewys dat die Sabbat in die Millennium gevier sal word en dus bewys is dat ons dit nou ook moet heilig hou. Sal ons, dan, deur te bewys dat die Huttefees ook in die Millennium gevier sal word (Sagaría 14:16), konsekwent wees deur dit vandag ook te vier?

Kan ons as ‘n seun van God kwalifiseer—‘n koning en priester—om saam met Christus op sy troon te heers, Hom op daardie tyd te assisteer, as ons nou weier om hierdie feeste te gedenk? Neem kennis dat Christus die Huttefees gevier het. Die Apostel Johannes het ‘n hele hoofstuk van sy evangelie daaraan gewy—die sewende hoofstuk—om te beskryf wat Jesus tydens die Huttefees in die laaste jaar van sy bediening gedoen en gesê het.

### WAAROM HUTTEFEES GENOEM

Tydens die Millenium, sal die Koninkryk van God waarin ons gebore mag word, oor die nasies heers, wat uit vleeslike mense bestaan en deur die Gees van God gewek is. Die biljoene verganklikes wat tydens die Millenium lewe sal steeds erfgename van die Koninkryk van God wees. Hulle sal dit nog nie geërf het so lank as wat hulle verganklike vlees en bloed is nie, want “vlees en bloed [kan] die koninkryk van God nie ... beërwe nie” (1 Korinthiërs 15:50). “Jy moet wedergebore word”—“van die Gees”—om die Koninkryk te erf, het Jesus gesê.

Onthou dat Abraham, Isak en Jakob eintlik net erfgename was toe hulle op die aarde gewoon het (Hebreërs 11:9). Terwyl hulle erfgename was het hulle in tente, of hutte gewoon, terwyl hulle in die Beloofde Land rondgeswerf het. Hierdie tente, of tydelike wonings, het uitgebeeld dat hulle nog nie hul erfposie ontvang het nie. Dus lees ons van die Huttefees “Sewe dae lank moet julle in hutte woon ... sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het” (Levítikus 23:42-43). Die Israeliete het in hutte in die

woestyn vertoef voordat hulle die Beloofde Land binne gegaan het. Daardie hutte het uitgebeeld dat hulle slegs erfgename was. Selfs tydens die Millennium, wanneer die Koninkryk van God oor die verganklike nasies heers, sal die mense steeds net *erfgename* van die Koninkryk wees. Hulle moet oorwin en in kennis en wysheid groei om hierdie beloftes te kan ontvang.

Wat 'n wonderlike beeld. God sê van Efraim ('n sinnebeeld van die hele Israel) dat hulle “weer in tente [sal] woon soos in die dae van die huttefees” (Hoséa 12:10). Israel, in die woestyn, was 'n sinnebeeld van alle mense wat deur toetse en beproewinge moet gaan om die beloftes te beërwe. Hulle was swerwers, wagtend om die beloftes van saligheid te beërwe.

Die bewerings, wat deur sommige sektes geglo word, dat die verganklike mense in die Millennium vir ewig vlees en bloed sal wees, word eenvoudig deur die Huttefees ontken, want die fees self, dui op 'n ewige erfenis.

In elk geval, nadat Jesus die Kerk tot Homself vergader het en nadat Hy op sy troon stelling ingeneem het vanwaar ons saam met Hom sal heers, sal Hy die nasies voor Hom bymekaar bring en sê: “[B]eërf die koninkryk” (Matthéus 25:34).

### NÓG 'N FEES!

Het u opgelet dat die Huttefees slegs die sesde fees is? Daar is nog een—die sewende!

Die Huttefees is, streng gesproke, sewe dae lank—om die hele Millennium voor te stel. Sewe is God se nommer van volledigheid. Om daardie rede dan, moet daar dus ook sewe feeëte wees. Laat ons sien waar dit genoem word: “Van die vyftiende van die sewende maand af moet julle sewe dae lank die huttefees vier tot eer van die HERE ... Op die agste dag moet julle weer 'n gewyde byeenkoms hou ... Dit moet 'n besondere feesdag wees. Niemand mag dan [beroeps-]werk [doen] nie” (Levítikus 23:34, 36—Afr. Nuwe Vertaling).

Hierdie agste dag, tegnies gesproke 'n aparte fees, word “die *laaste dag*, die *groot dag* van die fees” genoem (Johannes 7:37).

Wat word deur hierdie laaste heilige dag voorgestel?

Let op waaroor Jesus op daardie dag gepreek het: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink ... strome van



lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo” (Johannes 7:37-39).

Dit was Jesus se preek wat die betekenis van die Laaste Groot Dag gegee het!

Nou blaai ons na Openbaring 20. Ná die Millennium, wat gebeur dan? ‘n Opstanding! Die dooies staan voor God. Dit kan nie die ware Christene van vandag insluit nie, omdat hulle voor die oordeelsstoel sal staan wanneer Christus terugkeer. Dit kan nie na die wat tydens die Millennium bekeer is, verwys nie. Hulle het alreeds die Koninkryk tydens die Millennium beërwe, nadat hulle hul normale lewensspan uitgeleef het. Dié in hierdie opstanding moet diegene wees wat in hul onkunde gesterf het in die vorige eeue! Hulle sal nie lewend gemaak word, tot ná die Millennium nie (Openbaring 20:5).

---

### UITBEELDING VAN DIE OORDEELSDAG

Hierdie is daardie oordeelsdag wat in Mattheús 10:15 genoem word. Dit is ‘n tyd wanneer die Heidene wat in hul onkunde gesterf het, ‘n kans gegee sal word om saligheid te ontvang. Eségiël 16:53-55 maak dit baie duidelik. Selfs diegene in Israel wat in hul sondes gesterf het, sal hul *eerste* geleentheid ontvang om die waarheid van God en sy weg te verstaan (Eségiël 37). Die profeet het geskryf dat God sy Gees oor die opgewektes sal uittorst (vers 14). Dit is presies die saligheid wat Jesus in sy preek op daardie groot dag van die fees in die herfs (in die noordelike halfgrond) van 30 n.C., genoem het.

Hierdie agste dag, wat dadelik op die sewe dae van die Huttefees volg, stel die volbrenging van die plan van verlossing voor. Dit is net voor die nuwe hemel en die nuwe Aarde. Almal—ouers en kinders, jonk en oud—sal opgewek word.

Let op dat die “boek van die lewe”—wat verlossing voorstel—oopgemaak sal word (Openbaring 20:12). Openbaring gee die finale oorsig van die “oordeelsdag” soos die huidige stoflike hemel en aarde vergaan—en die getroues hul ewige beloning by Christus se troon ontvang. Die bose—diegene wat ongehoorsaam is—word gesien waar hulle besig is om in die vuurpoel te vergaan!

Wat ‘n wonderlike plan! Almal sal ‘n gelyke kans kry.

En uiteindelik, let op na Levitikus 23:37-38. Nadat al die feesdae beskryf word, sê dit: “Dit is die feestye wat deur die HERE bepaal is, die tye waarop julle *gewyde byeenkomste* moet hou ... *Daarnaas is daar nog die gewone sabbatte van die HERE*” (Afr. Nuwe Vertaling).

SONdag is die weeklikse rusdag van hierdie moderne kerke, maar die Sabbat is die dag van die HERE.

Kersfees, Nuwejaars, Paasfees, en ‘n horde ander is die feesdae wat direk van heidense gebruike afkomstig is, maar hierdie sewe jaarlikse gewyde dae is die feesdae van die Here! Laat ons dus afstand doen van die heidense feesdae van hierdie wêreld en die ware feesdae van die Here vier.

---

### FEES INLIGTING

Natuurlik mag baie van u wat hierdie boekie lees nie bewus wees van ander mense wat hierdie gewyde feesdae van God vier nie. U mag moontlik wonder of daar ooit so groep is. Daar is ‘n manier om die antwoorde op hierdie vrae te bekom, sou u belangstel.

Die “*Philadelphia Church of God*” het toegewyde, goed ingeligte, bekwame en gewyde leraars in alle dele van die Verenigde State, Kanada en menige ander dele van die wêreld. Hulle is beskikbaar om u te skakel, in u huis te besoek, u vrae te beantwoord en die Bybel aan u te verduidelik.

Natuurlik sal niemand u kontak tensy u dit nie versoek nie. Maar, indien u in u eie oortuiging meer omtrent God se feesdae wil weet en waar om hulle te vier, kan u onmiddelik aan ons skryf. Ons sal bly wees om ‘n private afspraak vir u te reel.



# Die Jaarlikse Feesdae van God

Ro-meinse Jaar	Eerste Dag van Heilige Jaar	Pasga	Dae van Ongesuurde Brode	Pinksterfees
	<i>1e Nisan (of Abib)</i>	<i>14e Nisan</i>	<i>15-21 Nisan</i>	<i>Sivan</i>
2015	21 Maart	3 April	4-10 April	24 Mei
2016	9 April	22 April	23-29 April	12 Junie
2017	28 Maart	10 April	11-17 April	4 Junie
2018	17 Maart	30 Maart	31 Mrt. - 6 Apr.	20 Mei
2019	6 April	19 April	20-26 April	9 June
2020	26 Maart	8 April	April 9-15	31 Mei
2021	14 Maart	Maart 27	28 Mrt. - 3 Apr.	16 Mei

## Notas

**PASGA** word op die vorige aand, na sonder gevier. Byvoorbeeld, in 2019 was die Pasga op die aand van die 18e April.

**PINKSTERFEES** (’n Griekse woord wat “vyftigste” beteken) word getel vanaf die dag waarop die beweegoffergerf tydens die Dae van Ongesuurde Brode geoffer was. Dit val altyd op ’n Sondag, tydens Sivan, die derde maand.

<b>Fees van Basuine</b>	<b>Dag van Versoening</b>	<b>Huttefees</b>	<b>Die Laaste Groot Dag</b>
<i>1e Tishri</i>	<i>10e Tishri</i>	<i>15-21 Tishri</i>	<i>22e Tishri</i>
14 September	23 September	28 Sept. - 4 Okt.	5 Oktober
3 Oktober	12 Oktober	17-23 Oktober	24 Oktober
21 September	30 September	5-11 Oktober	12 Oktober
10 September	19 September	24-30 September	1 Oktober
30 September	9 Oktober	14-20 Oktober	21 Oktober
19 September	28 September	3-9 Oktober	10 Oktober
7 September	16 September	21-27 September	28 September

# KONTAK INLIGTING

Om die Philadelphia Church of God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:

**Besoek ons webwerf:** [www.pcog.org](http://www.pcog.org)

**E-mail:** [letters@pcog.org](mailto:letters@pcog.org)

## POSADRESSE WÊRELDWYD

**Verenigde State:** Philadelphia Church of God,  
P.O. Box 3700, Edmond, OK 73083

**Kanada:** Philadelphia Church of God,  
P.O. Box 400, Campbellville, ON L0P 1B0

**Karibiese Eilande:** Philadelphia Church of God,  
P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

**Brittanje, Europa, Midde-Ooste:** Philadelphia Church of God, P.O. Box 16945, Henley-in-Arden, B95 8BH, United Kingdom

**Afrika:** Philadelphia Church of God, Postnet Box 219, Private Bag X10010, Edenvale, 1610, South Africa

**Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande:** Philadelphia Church of God, P.O. Box 1001, Wollongong DC, N.S.W. 2500, Australia

**Nieu-Seeland:** Philadelphia Church of God,  
P.O. Box 6088, Glenview, Hamilton 3246

**Fillipyne:** Philadelphia Church of God, P.O. Box 52143, Angeles City Post Office, 2009 Pampanga

**Latyns-Amerika:** Philadelphia Church of God,  
Attn: Spanish Department, P.O. Box 3700,  
Edmond, OK 73083, United States



**AFRIKAANS**—Pagan Holidays—or God's Holy Days—*Which?*